UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# 'N VOLKEKUNDIGE ONDERSOEK NA DIE AARD EN ONTSTAANSOORSAKE VAN TSOTSI-GROEPE EN HULLE AKTIWITEITE SOOS GEVIND IN DIE STEDELIKE GEBIED VAN PRETORIA.

deur

C. V. BOTHMA.

'n Verhandeling voorgelê ter vervulling van 'n deel van die vereistes vir die graad MAGISTER ARTIUM, (Bantoetale en Volkekunde), in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte.

Universiteit van Pretoria,
PRETORIA.

Julie 1951.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# INHOUD.


| | | |
|---|---|---|
| I. | **INLEIDING.** | 1 - 6 |
| | 1. Doel van ondersoek. | 1 |
| | 2. Metode van ondersoek. | 3 |
| | 3. Literatuur. | 4 |
| | 4. Die bou van die verhandeling. | 4 |
| | 5. Opmerkinge. | 5 |
| II. | **AGTERGROND.** | 7 - 26 |
| | 1. Inleiding. | 7 |
| | 2. Bevolking. | 8 |
| | 3. Behuising. | 8 |
| | 4. Die gesin. | 9 |
| | 5. Onderwys. | 11 |
| | 6. Ekonomiese aspekte. | 13 |
| | 7. Godsdiens. | 17 |
| | 8. Administrasie en beheer. | 18 |
| | 9. Vryetydsbesteding. | 19 |
| | 10. Welsynsdienste. | 23 |
| | 11. Gesondheidsdienste. | 24 |
| | 12. Disintegrasie. | 25 |
| III. | **BESKRYWING VAN NATURELLE-JEUGBENDES.** | 27 - 71 |
| | 1. Tipes van naturelle-jeugbendes. | 27 |
| | 2. Kenmerke en aktiwiteite. | 36 - 49 |
| | (a) Die Tsotsi's 'n adolosente groep. | 36 |
| | (b) Gebrekkige skoolopleiding. | 36 |
| | (c) Heterogene stamherkoms. | 37 |
| | (d) Gemeenskaplike lokaliteit. | 37 |
| | (e) Samehorigheidsgevoel. | 38 |
| | (f) Die drang na die avontuurlike. | 39 |
| | (g) Misdadigheid. | 40 |
| | (h) Immoraliteit met betrekking tot seks. | 42 |
| | (i) Werkloosheid. | 42 |
| | (j) Godsdiensloosheid. | 43 |
| | (k) Groepsgevegte. | 43 |
| | (l) Voorliefde vir sekere spele. | 44 |
| | (m) Afwesigheid van politieke doelstellinge. | 44 |
| | (n) Kleredrag. | 45 |
| | (o) Dobbelspel. | 47 |
| | (p) Danse. | 48 |
| | (q) Drankgebruik en dagga. | 48 |
| | 3. Tsotsi-taal. | 49 |
| | 4. Slotopmerking. | 70 |
| IV. | **BENDEVORMING ELDERS.** | 72 - 77 |
| V. | **DIE ONTSTAAN VAN DIE TSOTSI-BENDES.** | 78 - 82 |
| VI. | **BESTRYDING VAN TSOTSI-BEDRYWIGHEDE EN REÏNTEGRASIE VAN JEUGAKTIWITEITE IN KULTURELE PATROON.** | 83 - 87 |
| | **LITERATUURLYS.** | 88 |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# I. INLEIDING.

## 1. Doel van Ondersoek.

Vir diegene wat daagliks in noue kontak met groot aantalle naturelle werk, is die volgende klag doodgewoon: „Die Tsotsi's het my geëet". Daarmee word dan bedoel dat die Tsotsi's hom van sy beursie met dienskontrak en alle dokumente van identifikasie beroof het. Op verdere vrae vind mens dan uit dat met Tsotsi's eintlik skelms wat in groepies van twee of drie in 'n donker hoekie onverhoeds op die slagoffer toesak, bedoel word. Volgens verklaring is hulle jeugdige naturelle wat nie werk nie en van steel lewe. Die slagoffers is gewoonlik naturelle wat van buite die stadsgebied binnegekom het en nog nie vertroud met die stedelike lewe is nie.

In diens van die Departement van Naturellesake van die Stadsraad van Pretoria het ek in 1946 op dergelyke wyse met die benaming Tsotsi kennis gemaak, hoewel Tsotsi's toe reeds 'n alledaagse verskynsel by die Registrasiekantoor was. Dit was naamlik jeugdige naturelle met 'n besondere kleredrag waarvan die belangrikste die skerp broek is, wat na die Registrasiekantoor kom om werksoekpermitte te kry of om werksoekpermitte te hernu. Ten einde dit nader toe te lig, moet ek die prosedure in die Registrasiekantoor net beskrywe:

Kragtens wet Nr. 25 van 1945 moet naturelle wat die stadsgebied binnekom hulle by die Registrasiekantoor aanmeld en om 'n werksoekpermit aansoek doen. Kragtens proklamasie Nr. 138 van 1944 kon so 'n permit egter onder sekere omstandighede geweier word. Naturelle woonagtig in die munisipale lokasies en wat werk soek, moet eweneens in besit van so 'n werksoekpermit wees en so 'n permit moet sesdaagliks hernu word indien die werksoeker binne die tydperk nog nie werk gevind het nie. 'n Permit of 'n hernuwing van 'n permit kan egter nie aan 'n geregistreerde, permanente inwoner van 'n munisipale lokasie geweier word nie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Ons het spoedig gevind dat hierdie naturelleseuns met die skerp broeke soos klokslag hulle werksoekpermitte kom hernu en sodra die permitte dan vol gestempel is, 'n nuwe permit verkry dog nooit werk vind en 'n dienskontrak kom registreer nie. Navraag bring toe aan die lig dat die oorgrote meerderheid van hulle nog nooit gewerk het nie en die res behalwe vir tussenposes van ongeveer 'n week ook werkloos is.

Pogings om hulle deur die Arbeidsburo in diens te plaas, het geblyk onsuksesvol te wees aangesien hulle in geen werk belang-gestel het nie met die uitsondering van 'n sekere tipe wat bereid was om klerklike werk, aflewerings van ligte aard en bodewerk te doen - salaris aan hierdie tipe werk verbonde was nie die hoofoorweging nie dog wel die aard van die werk. Aangesien vakatures van hierdie aard in Pretoria uiters skaars en baie gesog is, kon slegs 'n geringe persentasie van die Tsotsi's in diens geplaas word. Ten einde soveel moontlik van hierdie vakatures aan die Tsotsi's beskikbaar te stel en derhalwe soveel moontlik van hulle in diens te plaas aangesien hulle as lokasie bewoners nêrens anders 'n heenkome het nie, het dit my beleid geword om dergelyke betrekkings nie vir ander naturelle oop te stel nie. Daardeur het ek steeds in nouer kontak met die Tsotsi's gewerk en hulle intiem leer ken. My welwillendheid jeëns hulle het van hulle kant vertroue uitgelok en dit het my instaat gestel om vertroud te raak met hulle eienaardige „taal" - geheimtaal. Die eenvormige kleredrag en voorkoms, gemeenskaplike geheimtaal en same-horigheidsgevoel van die Tsotsi's het my laat vermoed dat ons hier met 'n bendeverskynsel te doen het aangesien dit groot ooreenstemming vertoon met bendes wat elders in die wêreld aangetref word. Antwoorde soos : Ons is die Klêwe's (Clevers) van die Toun (Town), die Aptoun Jênks (Uptown Yanks), die Smartest dressers van die Kaas (Lokasie) en Gentlemen at Leisure bied geen genoegsame verklaring vir die verskynsel nie, hoewel die moontlike navolging van rolprent-vertonings daaruit blyk. Die probleem bestaan egter nog:

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Watter onderlinge verband is daar tussen lede van en tussen die Tsotsi-groepe gesamentlik en afsonderlik. Wat is die dryfveer en doel daaragter en wat het dit veroorsaak? Hoe het dit tot stand gekom? Tot watter mate is hulle 'n maatskaplike euwel of andersom? Indien eersgenoemde, kan hulle hervorm word en hoe? Is dit 'n verskynsel wat net by die stedelike Bantoejeug voorkom of kry ons dit elders ook? Is daar 'n verband met die tradisionele stamlewe van die Bantoe of is dit 'n totaal nuwe verskynsel?

2. Metode van Ondersoek.

Met hierdie vrae in gedagte het ek meer inligting aangaande hierdie onderwerp gesoek. My werk het my daagliks in aanraking met naturelle uit alle maatskaplike lae gebring en vrae aan die oueres wat jarelank in die lokasie gewoon het, is onbevredigend beantwoord - al inligting wat hulle kon gee, was dat die Tsotsi's skelms is wat saam met die oorlog gekom het; ander sê weer wat na die oorlog gekom het. Hoe dit ook al sy, die gewone lokasiebewoner kon of wou geen inligting aangaande die Tsotsi's verskaf nie.

My goeie verhouding met die Tsotsi's het my egter na die munisipale biersaal en eventueel ook na die lokasies gelei. Met behulp van drankies om die gees van kameraadskaplikheid te laat ontwaak en die tong los te maak, het ek daarin geslaag om van die geheime van die Tsotsi's te bekom. Hier het ek ook 'n ander element teëgekom wat ek nie by die werkverskaffingsburo gevind het nie, nl. die tipe Tsotsi wat reeds permanent 'n werklose en misdadige bestaan voer en nie van werksoekpermitte nie, dog van gesteelde en vervalste dienskontrakte gebruik maak om die regulasies te ontduik. Dis juis hierdie tipe wat belangrike inligting aangaande die Tsotsi's kon verskaf.

Aanvanklik het ek van vraelyste gebruik gemaak en probeer om soveel Tsotsi's as moontlik te ondervra, dog ondervinding het geleer dat al die inligting wat ek op dié wyse bekom, nie absoluut betroubaar is nie en dat ek beter resultate kry deur persone wat verteenwoordigend van tipes is, intiem te leer ken en my aandag op hulle toe te spits.

3. Die Literatuur.

Op soek na inligting oor naturelle-bendes in stedelike gebiede het ek baie werke (sien die literatuurlys) oor die stedelike naturel nagegaan. Hoewel hierdie werke waardevolle inligting oor die stedelike naturellebevolking bevat, is hulle van weinig waarde vir hierdie studie.

Ellen Hellmann in haar Problems of Urban Bantu Youth, bladsy 49 merk wel op dat daar naturelle jeugbendes soos The Squash Boys en Spoekies Range[1] in die lokasies bestaan, dog laat haar nie oor die aard van hierdie bendes uit nie en verklaar dat haar inligting slegs hoor-sê-getuienis is. Die gegewens in hierdie verhandeling is dus hoofsaaklik die resultaat van eie ervaring en navorsing.

Ten einde die toestande in Suid-Afrika te vergelyk met bendevorming elders het ek 'n studie gemaak van verskillende werke oor hierdie verskynsel en in die verband moet die werk van Frederic M. Thrasher, The Gang, van die uiterste belang beskou word. Hy het benewens die feit dat hy 1,313 bendes in Chicago bestudeer het, gebruik gemaak van die belangrikste literatuur oor bendes van verskillende rasse en in verskeie dele van die wêreld.

4. Die bou van die verhandeling.

In die eerste hoofstuk word die milieu waarin die Tsotsi-bendes aangetref word kortliks geskets: ek handel vlugtig die belangrikste kenmerke van die naturelle-gemeenskap van die Pretoriase lokasies en dui die verval van die tradisionele stelsel van sosiale samesnoering aan.

In die daaropvolgende hoofstuk beskryf ek die verskillende soorte bendes en die lewe in die bendes. In 'n kort opmerking by die hoofstuk oorweeg ek verskillende moontlike wyses van

---

1) Dit behoort hoolwaarskynlik Ranch te wees. (Vergelyk p. 39.)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



hoe die bendes kon ontstaan het. Ek kom dan tot die gevolgtrekking dat alvorens 'n uitsluitsel op die vraagstuk gegee kan word, daar eers 'n studie van soortgelyke bendevorming elders gemaak moet word en beskryf dus die bendes in Amerika kortliks soos bevind deur navorsers oor die onderwerp.

In die volgende hoofstuk trag ek om die wyse en oorsake van ontstaan van die Tsotsi-bendes na te spoor en verwys vergelykend na die bevindings van ander navorsers.

Ten slotte gee ek 'n paar aanbevelings om die probleem die hoof te bied.

5. <u>Opmerkinge</u>.

(a) Ek wil dit graag duidelik stel dat ek in die volgende studie slegs die Tsotsi's soos hulle in Pretoria aangetref word, gaan behandel. Ek het wel in die loop van my ondersoek omliggende stede en plattelandse gebiede besoek dog, hoewel ek soms na daardie gebiede wil verwys, wil ek nie voorgee dat die beskrywing van die Tsotsi's van Pretoria sonder meer elders van toepassing is nie. Die rede waarom ek die gebied spesifiek net Pretoria maak, is enersyds omdat die Tsotsi's hier nog aangetref word soos hulle oorspronklik ontstaan het, terwyl dit in gebiede soos aan die Rand reeds 'n organisasie met politieke motiewe geword het en die spontaneïteit en natuurlikheid van die Pretoriase Tsotsi's daar reeds verlore gegaan het. Hoewel dan om ander redes baie belangrik, is die Tsotsi's van daardie gebiede minder geskik vir my doel as die van Pretoria. Andersyds lewer dit probleme op soos die gebrek aan geskikte kontakte, indien die gebied te uitgebreid is.

(b) Verder wil ek ook graag meld dat ek om verstaanbare redes. dit nodig gevind het om skuilname te gebruik. Die name van die Tsotsi's weerspieël in groot mate hulle karakter en geaardheid. Om hierdie redes is dit wenslik om waar moontlik die regte name te

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gebruik. Ek het ook getrag om waar skuilname gebruik is, name te kies wat ewe paslik as die oorspronklike is.

(c) 'n Ander puntjie wat ek graag hier wil verduidelik is die skryfwyse van Tsotsi-woorde. Aanvanklik het ek getrag om woorde wat van Engels afgelei is volgens die Engelse skryfwyse te skryf ten einde tegelykertyd hulle oorsprong aan te dui. Dit is egter verwarrend en die leser weet nie wanneer om die woord Engels en wanneer Afrikaans uit te spreek nie. Ek skryf dus alle Tsotsi-woorde soos die Tsotsi dit uitspreek volgens die Afrikaanse skryfwyse. In die enkele gevalle waar die Afrikaanse skryfwyse kortskiet, skryf ek suiwer Engelse woorde in aanhalingstekens volgens die Engelse skryfwyse.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## II. AGTERGROND.

Ten einde die Tsotsi-verskynsel in sy milieu te sien, is dit nodig dat ons die stedelike naturellegemeenskap van die gebied onder bespreking kortliks beskou. Hierdie gemeenskap is in die algemeen egter al so dikwels beskrywe[1)] dat dit onnodig is om alles hier weer te gee en ek behandel gevolglik net 'n paar besondere kenmerke. Inligting in die verband berus hoofsaaklik op eerstehandse kennis opgedoen terwyl ek daagliks met die toestande te doen gehad het. Ek het dit verder aangevul deur middel van onderhoude met persone soos naturelle-onderwysers, polisie-amptenare, lokasie-superintendente, welsyns-beamptes ensovoorts. Ek verwys egter ook in die literatuurlys na die belangrikste werke wat ek oor die stedelike naturellegemeenskap geraadpleeg het.

### 1. Inleiding:

Die gebied wat Marabastad, die Asiate Bazaar en die Kleurlinglokasie insluit, is die brandpunt van sosiale verkeer van die stedelike naturellebevolking van Pretoria: dit is die belangrikste punt in die busverkeer tussen die stad en die lokasies Atteridgeville, Bantule, Lady Selbourne en die omstedelike lokasies; as naturellegemeenskap is dit naaste aan die blanke besigheids- en woonbuurtes en is dus die aangewese plek vir sosiale verkeer vir huisbediendes en andere wat op blanke persele en in kampongs en hostels gehuisves is; dit sluit die nie-blanke bioskoopteaters, winkels, ensovoorts in en verder is dit in die onmiddelde nabyheid van die Naturelle-Kommissariskantoor en die Munisipale Naturelle-Registrasiekantoor, Werkverskaffingskantoor, Ontvangsdepòt, kampong, hostel en biersaal geleë.

Met die Bantule-lokasie vorm hierdie gebied 'n eenheid aangesien dit minder as 'n myl van mekaar verwyder is. Met Atteridgeville-lokasie, hoewel 7 myl van die gebied geleë, is daar

---

1) Vgl. die literatuurlys.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

verband aangesien 'n groot aantal gesinne van Marabastad na Atteridgeville verskuif is. Die redes waarom hierdie gebied insluitende die drie lokasies as agtergrond vir hierdie ondersoek dien, is dus voor die hand liggend.

2. Die Bevolking:

Die bevolking in die lokasies is heterogeen: in die gebied wat Marabastad, die Asiate Bazaar en die Kleurlinglokasie inslüit tref ons naturelle, Indiërs en kleurlinge naasmekaar aan, terwyl Atteridgeville en Bantule slegs deur naturelle bewoon word.

Wat stamsamestelling betref is die naturellebevolking ook heterogeen. Die volgende tabel van 1091 huisgesinne in Atteridgeville geklassifiseer volgens huistaal,[1)] toon die stamsamestelling aan:

| Huistaal. | Getal. |
|---|---|
| Afrikaans (Stam-herkoms speel geen rol nie.) | 86 |
| Engels (Stam-herkoms speel geen rol nie.) | 1 |
| Transvaal Sotho | 684 |
| Tswana | 144 |
| Suid-Sotho | 18 |
| Ngoenie | 87 |
| Shangana-Thonga | 61 |
| Venda | 10 |
| Karanga | 1 |
| | 1091 |

3. Behuising:

Die behuising in die lokasies is op blanke lees geskoei: die huise is volgens blanke styl gebou en word deur indiwiduele gesinne bewoon. Groepe huise word nie deur familie- en stamgroepe gesamentlik bewoon nie. Gepaardgaande hiermee is daar geen samegroepering van

---

1) Gegewens afkomstig van die Opname van 'n Nie-blanke Stedelike Gebied deur die Departement Volkekunde, Universiteit van Pretoria uitgevoer onder beskerming van die Nasionale Raad vir Sosiale Navorsing.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

mense met gemeenskaplike belange nie: die godsdiens-leraar en die skokiaankoningin is, om 'n uiterste voorbeeld te noem, byvoorbeeld langs mekaar gehuisves. Hierdie stelsel het ontbinding van die gemeenskap en verwestersing en verindiwidualisering van die naturel ten gevolg.[1)]

Die volgende syfers illustreer die bevolkingsdigtheid in die lokasies:[2)]

| | Aantal Woonhuise. | Totale Populasie. | Gemiddelde aantal persone per woonhuis. |
|---|---|---|---|
| Atteridgeville | 1497 | 9723 | 6.5 |
| Marabastad | 37 | 750 | 20 |
| Bantule: | | | |
| Dorpsgebied | 150 | 4900 | 32.6 |
| Lokasiegebied | 301 | 3982 | 13.3 |

Die gemiddelde huur per woonhuis bedra £1 10s. 8d. per maand nadat dit met 'n gemiddelde bedrag van £3 1s. 5d. gesubsidieer is.

Naturelle verkry geen eiendomsreg op die huise of op die grond nie.

4. Die Gesin:

Die leefwyse van die Bantoe in die stede is Westers georiënteerd en poligamie kom gevolglik uiters selde voor.[3)] Die gesin bestaan dus gewoonlik uit vader, moeder en kinders. Dit kom egter baie dikwels voor dat die gesin onvolledig is. Uit 'n opname van 1354 gesinne in Atteridgeville blyk dat 406 gesinne onvolledig is as volg:[4)]

---

1) Vgl. ook C.W. Prinsloo: Bantoehuise vir die Bantoe, p. 16 (SABRA Vol. 1/3. 1950.
en Ellen Hellmann: Problems of Urban Bantu Youth, p. 5 & 21.

2) C.W. Prinsloo in 'n memorandum aan die Nasionale Behuisings- en Beplanningskommissie.

3) Vgl. ook Hellmann : Problems of Urban Bantu Youth, p. 5.

4) Syfers van die Opname van 'n Nie-blanke Gebied.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

| HUWELIKSTAAT | AANTAL HUISGESINNE | | |
|---|---|---|---|
| | Met man as hoof | Met vrou as hoof | Totaal |
| Wewenaars | 49 | - | 49 |
| Weduwees | - | 208 | 208 |
| Geskeides | 6 | 7 | 13 |
| Ongetroudes | | | |
| a. Man en vrou het saam gewoon maar mekaar in die steek gelaat | 3 | 26 | 29 |
| b. Ongetroude wat as hoof van die gesin in die plek van die ouers optree. | 14 | 5 | 19 |
| c. Net aangegee as "Ongetroud" | 27 | 38 | 65 |
| Geen gegewens - alleen geslag aangedui uit verslag kaarte van huis eienaars in die kantoor te Atteridgeville. | 6 | 17 | 23 |
| | 105 | 301 | 406 |

Hierby moet nog ingedagte gehou word dat daar 'n groot aantal ongekude moeders[1] by hulle ouers inwoon en dus nie op die tabel aangegee word nie. (In Atteridgeville-lokasie was daar volgens syfers van die kantoor van die Superintendent naamlik 55% van die geboortes vir die tydperk September 1949 tot September 1950 buite-egtelik. Hierdie syfer is egter nie betroubaar nie aangesien 'n groot persentasie van die geboortes nie gerapporteer word nie. Ons moet ook in aanmerking neem dat baie ouers beweer dat hulle volgens lobolo-gewoonte getroud is, dog in werklikheid nie getroud is nie.)

Vroulike huisbediendes, wat in die agterplase van werkgewers slaap, dra verder tot die aantal vaderlose kinders by aangesien daar in die meeste gevalle snags mans by hulle slaap en daar buite-egtelike kinders gebore word. In baie gevalle is melk- en vleis-afleweringsjongens die vaders van sulke kinders.

1) Phillips : The Bantu in the City, p. 91 et seq. bespreek hierdie verskynsel volledig. Verskeie ander skrywers bring die erns en omvang hiervan ook onder die aandag.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Dikwels word sulke kinders vir versorging na familielede op plase en reserwes gestuur, dog ewe dikwels is daar nie sulke familielede nie en word so 'n kind tot die vaderloses van die lokasies toegevoeg. Aan die moeder van so 'n buite-egtelike kind word gewoonlik £5 (die ekwivalent van een bees) deur die vader van die kind (as sy weet wie dit is) gegee. Hierdie geld word egter nie ten behoewe van die kind bestee nie.

Die ouer-kindverhouding is in baie gevalle 'n toonbeeld van gebrek aan disipline, wedersydse respek en liefde.[1] Aanvanklik bejeën die moeder haar kind met liefde en toegewyde sorg, dog sodra daar 'n volgende baba is, verslap hierdie verhouding,[2] veral aangesien sy dikwels self moet verdien om in die lewensbehoeftes van die gesin te voorsien. Die vaderlike gesag word ondermyn deurdat vaders weinig tyd aan die opvoeding van hulle kinders bestee daar hulle bedags werk en saans dikwels uithuisig is.

5. Onderwys:

Daar is 8 primêre en 1 sekondêre skool in die lokasies Atteridgeville, Bantule en Marabastad met 'n totale aantal van 82 onderwysers en 3,965 skoliere. Die volgende tabel illustreer die verspreiding tussen die verskillende standerds:[3]

---

1) Ellen Hellmann : Problems of Urban Bantu Youth, het opstelle oor My Parents deur skoliere laat skryf en gevind dat daar volgens die opstelle nog wedersydse respek en liefde bestaan, dog sy kom op bladsy 9 tot die gevolgtrekking "there was a lack of warmth and of a feeling of companionship between parents and children."

2) Vgl. ook Ellen Hellmann : Problems of Urban Bantu Youth, p. 4.

3) Syfers volgens die nuutste kwartaal-rapport van die Departement van Naturelle-onderwys.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

| | Seuns. | Meisies. | Totaal. |
|---|---|---|---|
| Sub. A. | 398 | 384 | 782 |
| Sub. B. | 289 | 346 | 635 |
| Std. I. | 292 | 298 | 590 |
| Std. II. | 208 | 251 | 459 |
| Std. III. | 164 | 213 | 377 |
| Std. IV. | 132 | 179 | 311 |
| Std. V. | 124 | 128 | 252 |
| Std. VI. | 106 | 115 | 221 |
| Vorm I. | 83 | 74 | 157 |
| Vorm II. | 62 | 58 | 120 |
| Vorm III. | 31 | 20 | 51 |
| Vorm IV. | 4 | - | 4 |
| Vorm V. | 4 | 2 | 6 |
| Totaal. | 1897 | 2068 | 3965 |

Die leerplan wat op die primêre skole gevolg word, sluit die volgende vakke in: Geskiedenis, Aardrykskunde, Sotho, Afrikaans, Engels, Natuurstudie, Higiëne, Rekenkunde, Bybelstudie, Liggaamsopvoeding, Sang en Handearbeid, soos tuinmaak, houtwerk, huishoudkunde en naaldwerk. Op die sekondêre skool het skoliere 'n keuse tussen die volgende vakke: Afrikaans, Engels, Bantoetale, Rekenkunde, Geskiedenis, Natuur- en Skeikunde, Wiskunde, Biologie, Huishoudkunde en Landboukunde.

Uit die tabel blyk dat 'n groot aantal kinders die skool op 'n vroeë stadium verlaat. Hellmann[1] gaan intensief in op die spesifieke redes vir skoolverlating en vind armoede die belangrikste oorsaak. Die ondersoek wat bevestig is deur onderwysers en skoolhoofde het egter aan die lig gebring dat die Bantoejeug in die lokasies in bykans al die gevalle skool verlaat om geen spesifieke rede nie, en waar getrag word om 'n rede te gee, is dit vaag en onoortuigend. Dit wil dus voorkom of die kinders, soos een prinsipaal dit sonder twyfel beweer het, „die skool verlaat om in die strate te speel."

1) Hellmann: Problems of Urban Bantu Youth, p. 84.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

6. <u>Ekonomiese Aspekte</u>.

Die Verslag van die Naturelle Ekonomiese Kommissie, 1932, wys telkens op die toenemende toestand van verarming onder stedelike naturelle[1] en die Inter-Departementele Komitee insake die Sosiale, Gesondheids- en Ekonomiese Posisie van Stedelike Naturelle, 1942, beklemtoon deurgaans die ekonomiese nood van die stedelike naturel.[2]

In 'n resente opname van 48 families het die Naturelle-Afdeling van die Stadsraad van Pretoria gevind dat 'n gemiddelde gesinsbegroting van 5 persone £8 per maand bedra terwyl die gemiddelde gesinsinkomste £6 19s. 8d. is. Dit is duidelik dat hierdie £1 0s. 4d. waarmee die uitgawe die inkomste oorskry deur onwettige middels gevind moet word of skuld gemaak moet word.

Die gemiddelde maaltyd bestaan uit die volgende:

Oggendete - tee en brood.
Middagete - tee en brood. (in sommige gevalle stywe pap en vleis.)
Aandete - pap en vleis. (soms 'n ui of 'n tamatie as groente.)

Ten einde in hierdie behoeftes te voorsien is dit nodig dat vrouens ook moet werk.

In hierdie verband is werkloosheid ook van belang. Gevalle van werklose volwasse lokasie-naturelle kom minder voor en kan buite rekening gelaat word. Die werkgeleentheid vir jeugdige lokasie-naturelle kan egter in hierdie verband bespreek word. Met hierdie doel kan ons die arbeidsposisie in Pretoria betrag:

Deel ons die naturelle beroepe in Pretoria volgens aard in, kry ons die volgende belangrikste groepe:

---

1) Vgl. par. 543, 547, 989 en 990.

2) Vgl. bv. paragraaf 7: "The Committee has been impressed above all by the poverty of the Native community. This poverty is a factor, the ill-effects of which permeate the Native's entire social life."

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

(i) Industrieële arbeiders.
(ii) Huisbediendes.
(iii) Nagwagte.
(iv) Vragmotorbestuurders.
(v) Kantoorjongens, winkelbediendes en afleweringsjongens.
(vi) Bodes, klerke, e.a. hoër beroepe.

Ons kan nou kortliks nagaan watter tipe naturel in elk van die beroepe aangetref word en dus vasstel watter beroepe werkgeleentheid vir die jeugdige lokasie-naturel bied. Hier is dadelik drie faktore wat in aanmerking geneem moet word, nl. (1) geskiktheid van die jeugdige naturel vir die beroep, (2) lewenshouding van die jeugdige lokasie-naturel, en (3) houding van die werkgewers-publiek.

(i) <u>Arbeiders</u>:

Die naturelle-arbeid van die Pretoriase industrieë kan kortliks in drie kategorieë ingedeel word, nl.

(a) <u>Die ongeskoolde "harde" hande-arbeid</u>.

Hier het ons industrieë soos Yskor, Kirkness Brick and Tile Co., die Bounywerheid, S.A.S. & H., ens. in gedagte. Die groot massa arbeiders van hierdie industrieë doen ongeskoolde, harde arbeid. Dit is dus duidelik dat die jeugdige naturel hier uitgesluit is omdat hy in die eerste instansie nie geskik of liewer dermate ongeskik is dat hy nie kan kompiteer met die volwasse naturel nie. In die tweede instansie voel die jeugdige naturel hom nie aangetrokke tot hierdie tipe arbeid nie omdat sy opleiding volgens sy eie beskouing 'n hoër beroep regverdig. Derdens het reedsgenoemde twee faktore werkgewers reeds laat besef dat die jeugdige lokasie-naturel nie vir hierdie tipe arbeid deug nie met die gevolg dat hy uit hierdie beroep heeltemal uitgesluit is.

(b) <u>Meer geskoolde hande-arbeid</u>.

Hiermee bedoel ons die beperkte aantal betrekkings van 'n meer verantwoordelike of toesighoudende aard soos byvoorbeeld voormanne ensovoorts by bogenoemde industrieë. Uit die aard van die saak word volwasse naturelle vir hierdie betrekkings verkies.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

(c) Die „ligtere" hande-arbeid.

Hieronder val die ligter industrieële arbeid soos in bierbrouerye, sintetiese drank-fabrieke, wasserye, ensovoorts. Die jeugdige naturel is uiters geskik om hierdie dienste te verrig dog ondervinding in die werkverskaffingskantoor het ons geleer dat hy hom nie besonder aangetrokke daartoe voel nie vanweë die feit dat volgens sy beskouing sy skoolopleiding 'n hoër beroep regverdig. Die werkgewers verkies ook volwasse naturelle ten spyte van die hoër vasgestelde lone: 'n bewys dat die jeugdige lokasienaturel minder bevredigende dienste lewer.

(ii) Huisbediendes.

Daar is ongeveer 22,000 huisbediendes[1] in Pretoria. Hieronder word losieshuis-, hotel- en kafeebediendes ingesluit hoewel hulle lone aanmerklik verskil van die van bediendes in private huishoudings. (Gemiddelde lone[1] van bediendes in private huishoudings is £3 - £4 terwyl die van losieshuis-, hotel- en kafeebediendes £7 - £8 per maand is. In beide gevalle word voedsel en inwoning ingesluit.) Die jeugdige lokasie-naturel is by uitstek geskik as huisbediendes onder andere ook omdat die vereistes vir huisbediendes in die meeste gevalle 'n mate van kennis van 'n offisiële taal insluit. Die lokasienaturel besit hierdie kwalifikasie maar stel nie belang in die beroep nie omdat:

(1) Volgens sy beskouing sy opleiding 'n hoër beroep regverdig;

(2) die loon van £3 - £4 per maand swak vergelyk met die van ander beroepe; (Die waarde van voedsel en inwoning word nie besef nie.)

(3) huisbediendes op die perseël van werkgewers moet slaap. (Dit bots met die nagtelike bedrywighede van die jeugdige lokasienaturel.)

Die lokasienaturel word nog verder uit hierdie beroep uitgesluit deurdat werkgewers geleidelik besef dat hy in die meeste gevalle nie betroubaar is nie en hom gevolglik nie in diens wil neem nie.

---

1) Volgens syfers van die Registrasie- en Werkverskaffingskantore van die N.A.A.D., S.v.P.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

(iii) Nagwagte.

Nagwagte word uit die aard van die saak nie deur werkgewers van die straat af gehuur nie. Ondervinding het hulle geleer dat dit nie betaal om 'n naturel waarvan hulle geen rekord het, te huur nie. Daar word gebruik gemaak van nagwag-agentskappe soos „African Night Patrol," en die het deur ondervinding geleer dat die Zoeloe, en veral die stamnaturel, by uitstek die beste nagwag is. 'n Nagwag moet vanselfsprekend ook 'n volwasse naturel wees en jeugdige naturelle word dus hier ook uitgesluit.

(iv) Vragmotorbestuurders.

Hierdie beroep is nie vir die jeugdige naturel beskikbaar nie omdat daar slegs 'n baie beperkte aantal betrekkings van die aard bestaan, terwyl 'n groot aantal naturelle gedurende die oorlog lisensies as vragmotorbestuurders in die leër verkry het en die aanvraag vir hierdie betrekkings dus groot is.

Jeugdige naturelle maak egter in die afgelope tyd al hoe meer van opleidingskole vir motorbestuurders gebruik om 'n bestuurderslisensie te bekom, en probeer dan om 'n verdienste as motorbestuurder te vind.

(v) Kantoorjongens, Winkelbediendes, Afleweringsjongens.

Die taak van hierdie tipe bediende wissel na gelang van die aard van die besigheidsfirma waar hy in diens is. Dit bestaan in hoofsaak daarin om vloere skoon te maak, pakkette te hanteer, en aflewerings en boodskappe te doen. Val die klem op boodskappe en aflewerings van 'n ligte aard, dan is die jeugdige naturel daarvoor te vinde. Val die klem egter op vloere skoonmaak, en aflewerings van swaar goedere, dan word 'n meer volwasse naturel egter verkies. 'n Jeugdige naturel deug byvoorbeeld nie as melk-afleweringsjong nie. Die werk is vir hom te veeleisend.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

(vi) Bodes en klerke.

Hierdie is by uitstek die beroep vir die jeugdige skool-opgevoede lokasienaturel. Nie alleen is skoolopleiding 'n vereiste nie, maar kennis van die stad is noodsaaklik veral in die geval van bodes. Die lokasienaturel beskik oor albei hierdie kwalifikasies.

Gevolgtrekkings.

Die jeugdige opgeleide lokasienaturel is uit al die beroepe, met uitsondering van die groep Bodes en klerke uitgesluit of hoofsaaklik uitgesluit. Ter aanvulling kan ons byvoeg dat 'n verdere aantal jeugdige lokasienaturelle as koerant- en tydskrif-verkopers op straat aangetref word. Dit sluit nie die klonkies wat loop en koerante verkoop en ook nie die koerant-afleweringsjongens in nie. 'n Klein onbekende aantal jeugdiges word ook deur Indiërbesighede indiens geneem in haarkapper-salonne, winkels, kleremakers-besighede ensovoorts.

Hieruit blyk dat die moontlikhede om 'n geskikte verdienste te vind vir jeugdige lokasie-naturelle baie beperk is, veral aangesien daar volgens die syfers van die Munisipale Naturelle werkverskaffings-buro jaarliks slegs sowat 50 vakatures vir die beroepsgroep Bodes, klerke en ander hoër beroepe beskikbaar is.

Die werklike aantal werklose jeugdige lokasie-naturelle in die Pretoriase lokasies is moeilik berekenbaar, dog daar kan met sekerheid gesê word dat die oorgrote meerderheid van die lokasie-jeug onder die ouderdom van twintigjaar wat nie op skool is nie, werkloos is. Hierdie werkloosheid word verder gestimuleer deur die feit dat die stedelike naturel reeds versoen is met die idee dat jeugdige naturelle gewoonlik werkloos is, en werkloosheid gevolglik nie as 'n euwel beskou word nie.

7. Godsdiens:

Gevalle waar die Bantoe in die lokasies nog hulle tradisionele godsdiens beoefen, kom uiters selde voor. Die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

kommunale godsdiens van die Bantoe is vervang deur die persoonlike Christelike godsdiens. Die gemeenskaplike voorvadergeloof as 'n samebindende faktor het verdwyn en waar die Westerse godsdiens 'n individuele godsdiens is, verindividualiseer dit die naturel. Die verval van die tradisionele Bantoe-godsdiens beteken dus ook tegelykertyd sosiale verval.[1)] Die verskillende kerke en die groot aantal sektes wat onder die Bantoe werksaam is, dra ook nie by tot die samehorigsheidsgevoel van die lokasiegemeenskap as geheel nie.

8. Administrasie en Beheer:

Die naturelle in die stadsgebied word geadministreer kragtens die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolodasiewet (Wet nr. 25 van 1945). Die doel van die wet is tot samevatting van die in die Unie geldende wetsbepalings wat voorsiening maak vir verbeterde verblyfstoestande vir naturelle in of in die nabyheid van stadsgebiede en vir die doelmatiger administrasie van naturelle-aangeleenthede in sulke gebiede; vir die registrasie van en beter beheer oor dienskontrakte met naturelle in sekere gebiede, en die reeling van die toegang van naturelle tot sulke gebiede en hul verblyf daarin; vir die vrystelling van kleurlinge van die werking van paswette; vir die beperking en reeling van die besit en gebruik van kafferbier en ander sterkdrank deur naturelle in sekere gebiede en vir ander verbandhoudende aangeleenthede.[2)]

Beheer oor die naturelle gemeenskap indie lokasies geskied egter kragtens regulasies wat ingevolge artikel 38 subartikel 3 van die wet opgestel is. Vir hierdie doel is daar een superintendent vir die lokasies Bantule en Marabastad en 'n superintendent met 'n assistent vir die lokasie Atteridgeville aangestel.

---

1) Vgl. ook Die Naturellevraagstuk. (Kerklike Kongres.) p. 60.

2) Onderskrif by die nommer van die Wet.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In samewerking met die superintendent is daar Adviserende Naturelle Komitees wat kragtens artikel 21 subartikels (1) en (2) van die wet ingestel is. Die lede van hierdie komitees word deur die naturelle verkies en vergader onder voorsitterskap van 'n raadslid van die Stadsraad wat deur die komitee vir naturellesake benoem is, en mag die Raad oor sake rakende naturelle-aangeleenthede adviseer. Die lokasies is opgedeel in wyke en elke wyk word aan 'n lid van die Adviserende Komitee toevertrou vir die oplossing van huishoudelike en lokale moeilikhede in sy wyk.

Verdere beheer oor naturelle van die lokasies word uitgeoefen deurdat hulle kragtens regulasies wat ingevolge artikel 38 subartikel (1) van die wet opgestel is, werksoekpermitte moet verkry indien hulle werk soek en dienskontrakte moet registreer sodra hulle indiens tree. Vir hierdie doel is daar kantore te Proesstraat.

Naturelle wat werk soek kan gebruik maak van die dienste van die werkverskaffingskantoor by die bogenoemde adres.

9. Vryetydsbesteding:

Ten einde die vryetydsbesteding van die lokasienaturel te bespreek is dit nodig dat ons let op die ontspanningsdienste en geriewe wat in die lokasies verskaf word.

Ontspanningsdienste in die lokasies word deur die ontspanningsafdeling van die Departement van Naturellesake van die Stadsraad van Pretoria, gedoen. Die Ontspanningsafdeling vorm 'n onderafdeling van die afdeling vir Nie-blanke Welsyn en Ontspanning. 'n Senior superintendent hou toesig oor die werksaamhede van die laasgenoemde afdeling.

Vervolgens sal ek nou 'n uittreksel van die jongste jaarraport van die onderafdeling vir Ontspanning gee ten einde die ontspanningsdienste wat in die lokasies onder bespreking gedoen word, aan te toon:

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

1. Personeel:

(a) Een blanke ontspanningsbeampte in bevel van die onderafdeling.

(b) Een blanke instrukteur.

(c) Een Bantoe sportorganiseerder.

(d) Twee Bantoe instrukteurs.

(e) Een Bantoe instruktriese.

2. Opsomming van sportsoorte, fasiliteit ensovoorts.

(a) Sokker.

Daar is een sokker-vereniging naamlik die Pretoria and District Bantu Football Association, in die gebied met twee velde te Atteridgeville en een te Bantule tot hul beskikking. Die vereniging bestaan uit 15 klubs met 'n totale ledetal van 210 spelers. Die vereniging word deur die afdeling van balle voorsien.

(b) Rugby.

Daar is een rugby-vereniging, die Pretoria and District Rugby Football Association, in Pretoria, bestaande uit 4 klubs met 'n totale ledetal van 72, met een veld te Bantule en een te Atteridgeville.

(c) Tennis.

Die vereniging is die Pretoria and District Bantu Tennis Association, bestaande uit 12 klubs met 'n totale ledetal van 100 spelers en twee velde te Marabastad en twee te Atteridgeville. Die vereniging ontvang 6 balle per baan per maand van die ontspanningsafdeling. Nette word ook verskaf. Die spelers moet hulself van tennisrakette voorsien.

(d) Krieket.

Die Pretoria and District Bantu Cricket Association, is die enigste vereniging en bestaan uit twee klubs met 'n totale ledetal van 35. Hulle speel op die Pelindaba stadion te Atteridgeville en word deur die afdeling van apparaat voorsien.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

(e) Hokkie en korfbal.

Die Pretoria and District Bantu Women's Basketball and Hockey Association, bestaan uit 4 hokkieklubs en 8 korfbalklubs met 'n totale ledetal van 116 spelers. Daar is twee korfbalbane te Atteridgeville en een te Bantule. Hokkiespelers maak gebruik van sokkervelde. Korfballe, hokkiestokke en balle word deur die afdeling verskaf.

(f) Ontspanningsklubs.

Die Northern Transvaal Non-European Male Recreation Association, het 'n totale aantal van 23 geaffilieerde klubs waarvan daar drie in Atteridgeville en drie in die Marabastad-Bantule-gebied is. Dit is die volgende:

Atteridgeville: (1) Die Dau-United Brothers Club met 'n ledetal van 45.

(2) Die Atteridgeville Boys Club. - ledetal 70.

(3) Die African Youth Club. - ledetal 170.

Bantule-Marabastad-gebied:

(1) Die Dougal Boys Club. - ledetal 80.

(2) Die Salvation Army Boys Club. - ledetal 60.

(3) Die Bantule Boys Club. - ledetal 70.

Hierdie klubs vergader tweekeer per week vir twee uur in sale deur die afdeling verkry en hulle aktiwiteite sluit in liggaamsoefening; boksoefening; spele soos dambord en meule; handearbeid soos etswerk; verder nog sang; musiek en toneelkuns.

Die Transvaal Association of Girls Clubs, van Johannesburg organiseer onder toesig van die ontspannings-afdeling meisies en vroueklubs in Pretoria. Daar is ses klubs vir Pretoria in geheel, bestaande uit 'n totaal van 421 lede. Die aktiwiteite sluit onder andere in liggaamsoefening, handewerk, drama, musiek, sang en spele.

(g) Atletiek.

Die Pretoria and District Bantu Athletic Association, het 11 geaffilieerde klubs met 'n totaal van 196 lede. Gereelde jaarlikse byeenkomste en kampioenskappe word gehou. Daar is een atletiekbaan te Atteridgeville.

155614
118384

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

(h) Liggaamsopvoeding op skool.

Liggaamsopvoedingklasse in die skole in Atteridgeville word deur 'n Bantoe instrukteur en in die geval van Bantule-Marabastad deur 'n blanke instrukteur gegee. Liga- sowel as vriendskaplike wedstryde word gereël vir sokker, tennis en korfbal. Jaarliks word ook 'n interskoolse atletiekbyeenkoms georganiseer.

(i) Speelparke: In Atteridgeville is twee kinderspeelparke en in die Bantule-Marabastad-gebied een verskaf deur die stadsraad. Kinders ontvang egter geen leiding of toesig by die spel nie.

Benewens die voorgaande ontspanningsdienste gelewer deur die munisipale departement, is daar private organisasies soos die Pathfinders, die Wayfarers en die Girl Guides. Hulle konsentreer slegs op jeugwerk.

Bogenoemde fasiliteite is in die hoofsaak vir die jeug bedoel. Volwassenes bestee hulle vrye tyd aan partytjies en gesellige byeenkomste,[1] dog is gewoonlik moeg na die dag se arbeid en verkies om te rus.

Baie naturelle bring egter hulle vryetyd saans en veral Saterdae en Sondae in die huise van skokiaankoninginne waar hulle hulle aan drankmisbruik skuldig maak, deur 'n Baie groot persentasie van die huise in Marabastad en die Kleurlinglokasie hou dan ook onwettige sjebeens aan.[2]

Bier word ook deur die plaaslike bestuur verskaf in die munisipale biersaal in Proesstraat kragtens artikel 34 subartikel (1) van die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolodasiewet nr. 25 van 1945 en naturelle maak baie daarvan gebruik.

Die bioskoop speel ook 'n belangrike rol in die vryetydsbesteding van veral die minder bejaarde en jeugdige naturelle.

---

1) Vgl. Phillips : The Bantu in the City, p. 293 et seq.

2) Sien later.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Daar is twee teaters in die Asiate Bazaar wat elk minstens een en soms twee vertonings per dag gee.[1]

Phillips[2] beweer dat die Sjinese dobbelspel Fahfeeh besondere aantrekkingskrag vir die Bantoejeug het. Volgens my ondervinding word dit egter slegs deur volwassenes gespeel.

10. Welsynsdienste:

Welsynsdienste in die lokasie word hoofsaaklik gelewer deur die Welsynsafdeling van die Departement van Naturellesake van die stadsraad, die Kindersorgvereniging, die Departement van Volkswelsyn en die kantoor van die Naturelle Kommissaris. Die personeel vir die doel is die volgende:

(1) Die Munisipale Welsynsafdeling:

(a) Een blanke welsynsbeampte.

(b) Drie Bantoe welsynswerkers.

(c) Twee Bantoe welsynswerksters.

(2) Die Kindersorgvereniging:

(a) Twee blanke maatskaplike werksters.

(b) Een Bantoe maatskaplike werkster.

(3) Departement van Volkswelsyn:

Daar is geen spesiale beamptes vir welsynswerk onder naturelle nie. Proefbeamptes doen diens onder blankes sowel as onder naturelle.

(4) Die Kantoor van die Naturelle Kommissaris:

Hier is geen maatskaplike werkers of werksters nie. Die kantoor ontvang slegs aansoeke vir ouderdom en ongeskikheidspensioen en ander toelaes aan sorgbehoewendes.

---

1) Phillips : The Bantu in the City, gee 'n lys van films wat deur die sensorraad vir naturelle goedgekeur is.

2) Phillips : The Bantu in the City, p. 104.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die verskillende afdelings tree saam op en werk wat gedoen word sluit algemene maatskaplike werk soos gesinsorg, bestryding van jeugmisdaad, hulp aan verwaarloosde en sorgbehoewende kinders, voedseldistribusie (die sopkombuis), onderhoudsgevalle, ensovoorts in.

In Atteridgeville is 'n Plek van Veiligheid onder die sorg van 'n matrone waar sorgbehoewende kinders, wagtende op 'n beslissing van die kinderhof, tydelike huisvesting verskaf word.

Jeugdige naturelle wat ingevolge die kinderwet (Wet no. 31 van 1937) sorgbehoewend bevind word, kan na die Wierda koshuis te Wierdebrug of die Morakeng koshuis te Irene gestuur word.

Gereëlde vertonings van gekeurde films, dikwels van 'n opvoedkundige aard, word weekliks in Atteridgeville gegee.

Verder is daar twee biblioteke wat onder beheer van die Carnegie Biblioteekskema sorteer en direk onder die toesig van die welsyns en ontspanningsafdeling staan. Leesgroepe word georganiseer en naturelle aangemoedig om opbouende werke te lees.

11. Gesondheidsdienste:

Benewens omgewingsdienste soos water voorsiening, vuilgoedverwydering, ondersoek van en beheer oor voedsel ensovoorts, neem die Munisipale Gesondheidsdepartement nog persoonlike gesondheidsdienste onder die stedelike naturelle bevolking van Pretoria waar. Hierdie dienste bestaan uit kliniekdiens. So is daar gereelde klinieke vir:

(1) Voorgeboortesorg, waar verwagtende moeders behandeling en voorligting kry.

(2) Bevallings.

(3) Nageboortesorg, waar moeders eweneens van voorligting aangaande die suigeling en haarself bedien word.

(4) Die welsyn van voorskoolse kinders. Hier word die gesondheid van kinders tot op vyfjarige ouderdom versorg.

(5) Die welsyn van skoolkinders.

(6) Tering en geslagsiektes.

(7) Inenting en immunisering teen kinkhoes, pokke, ensovoorts.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

(8) Tandheelkunde.

(9) Behandeling van buitepasiënte, waar vry mediese behandeling en advies in die geval van minder ernstige siektes en beserings verkry kan word.

Benewens bogenoemde kliniekdiens neem die departement nog die mediese ondersoek en keuring van naturelle werkers waar. Voedingsdienste, naamlik sopkombuise waar gratis sop, brood, vrugte ensovoorts aan skoolkinders en voorskoolse kinders verskaf word en munisipale marke in die lokasies waar vars groente en vrugte teen byna kosprys gekoop kan word, is ander voorkomende gesondheidsdienste tot die voordeel van die lokasie-naturel.

12. Disintegrasie:

Disintegrasie is ongetwyfeld die mees uitstaande kenmerk van die stedelike naturelle-gemeenskap. (Vergelyk byvoorbeeld die toestand van die gesin, bladsy 9.) Beskou ons nou hierdie gemeenskap teen die agtergrond van die tradisionele stelsel van die Bantoe, dan vind ons dat daar weinig van die tradisionele oorgebly het en gevolglik ook van die bindende waardes wat daarmee saamhang. Waar ons in die tradisionele Bantoegemeenskap 'n hoog geïntegreerde gemeenskap met 'n sterk eenheidsbewussyn, eie instellings, lewensbeskouings en gedragskodes gehad het, het ons hier met 'n gemeenskap te doen wat gekenmerk word deur 'n losheid en 'n gebrek aan samebindende faktore. In die kleinste eenheid, naamlik die gesin, wat bestaan het uit vader, moeder(s) en kinders, het ons reeds gevind dat gedrag en onderlinge verhoudinge gereël is deur vaste voorskrifte: die vader het gesag gehad oor vrou en kinders en die moeder oor die kinders; die ouers was verantwoordelik vir die versorging en welsyn van die kroos en deurdat van die kinders verwag was om hulle daarin behulpsaam te wees, was daar 'n definitiewe patroon waarvolgens die opvoeding van die kinders geskied. Hierdie elemente in die gesin is uitgebrei na die familieverband, sibbeverband en stamverband sodat daar in die stelsel 'n definitiewe reeks aan

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gedragsreëls, verantwoordelikhede, pligte ensovoorts was. Stamskole en die wyse waarop vryetydsbesteding en ontspanning geskied het, het verder gedien as hulpmiddels om die jeug in die stamverband te integreer en op te voed.

In die stede het hierdie stelsel geheel-en-al verdwyn: ons het hier 'n nuwe milieu, 'n nuwe wyse van aanpassing, 'n nuwe lewenshouding en ideale. Die indiwidu het losgeraak van die stamverband: gedragsreëls wat verantwoordelik was vir sy aktiwiteite binne 'n groep het verlore gegaan omdat die struktuur waaruit dit voortgevloei het, verbrokkel het, terwyl hy die nuwe westerse lewenswaardes wat hy in ruil vir sy eie geneem het, nog nie begryp nie, nie kan assimmileer nie, met die gevolg dat hy slegs die uiterlike lewensvorme van die blanke naboots. Ons vind gevolglik 'n stelsel sonder samebindende faktore, sonder sosiale kohesie. Hierdie losheid word verder gestimmuleer deur die stelsel van behuising en die verdwyning van die tradisionele religie as 'n samesnoerende faktor, asook deur die heterogeniteit van die bevolking.

Dis 'n gemeenskap by wie daar, ten spyte van die feit dat daar van owerheidsweë veel vir hulle gedoen word op gebied van onderwys, ontspannings-, gesondheids- en maatskaplike dienste, 'n groeiende gevoel van opstand teen blanke heerskappy ontwikkel, aangevoer deur ekonomiese nood en werkloosheid wat onder die jeug hoogty vier.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## III. BESKRYWING VAN NATURELLE-JEUGBENDES.

Gesien teen die agtergrond wat in die voorafgaande beskrywing van die plaaslike naturelle-gemeenskap geskets is, gaan ons nou bepaal in hoeverre bendes en bendevorming onder die jeug van hierdie gemeenskap aangetref word. Hier word onderskei tussen verskillende tipes van bendes.

### 1. TIPES VAN NATURELLE-JEUGBENDES.

In stedelike gebiede het ons hoofsaaklik met twee tipes jeugdige naturelle te doen, naamlik huisbediendes, wat byna uitsluitlik nie lokasiebewoners is nie,[1)] en jeugdige lokasie-naturelle. Vervolgings word nou vasgestel watter tipes bendes by (i) huisbediendes en (ii) jeugdige lokasienatúrelle aangetref word.

(i) Huisbediendes.

Aangesien hierdie tipe naturel nie eintlik binne die bestek van hierdie studie val nie, sal die posisie hier net terloops aangeraak word:

Hier tref ons die bekende Malaita-bendes aan: elke Sondagmiddag vergader daar ongeveer 1,500 Malaita-vegters by die Bantule lokasie waar hulle aan vuisgevegte deelneem. Hulle is byna uitsluitlik huisbediendes en ander jeugdige naturelle wat tydelik in die stad werk. Hulle is slegs Sondaemiddae en saans vry en het gevolglik nie veel tyd om aan ander sportsoorte deel te neem nie aangesien die ontspanningsterreine meestal buite hulle bereik is.

Die gevegte is kaalvuis-gevegte en kan indiwidueel of groepsgewyse wees. Dit geskied altyd onder polisietoesig..

(Die verband tussen hierdie groepe en tradisionele stamskole kan moontlik nagespoor word.)

(ii) Jeugdige Lokasie Naturelle.

Ons tref hier 'n groot aantal bendes van verskillende aard aan, naamlik:

---

1) Vgl. p. 15.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

(a) Speelgroepe.

Op straat in die lokasies tref ons talryke groepies kinders tussen die ouderdomme van 6 en 12 jaar aan. Hulle bestaan hoofsaaklik uit seuns, dog meisies word ook in die groepe toegelaat.

Hierdie groep bring hulle tyd met allerlei kinderspele deur, dog speel ook vir ure voetbal (met 'n tennisbal) op straat of trek vir hulle 'n meule (marabaraba) of 'n dambord op 'n stuk karton of sommer op die grond en twee speel dan teenmekaar terwyl die ander toekyk en gedurig kommentaar lewer of aanbevelings maak. Dit veroorsaak dat hierdie tipe spel eintlik in 'n groepspel verander. Verder dobbel hulle ook met behulp van dobbelsteentjies of met pennies (pennie-pennie).

Reeds vroeg in sy lewe maak die jeugdige lokasie-naturel kennis met die bioskoop en doen hy besondere moeite om dit dikwels te besoek. Dit is dus nie ongewoon dat groepies die afstand van ongeveer sewe myl van Atteridgeville na Marabastad stap om 'n rolprent-vertoning by te woon nie.

Ons vind 'n mate van organisasie wanneer hierdie groepe met feesdae soos Guy Fawkes, Kersfees en Nuwejaarsdag trag om 'n paar pennies te bedel deur hulleself in komiese drag uit te dos en met fluitjies en drombegeleiding voor blanke woonhuise en besighede danse uit te voer. So 'n groepie het gewoonlik 'n leier wat die geld ontvang en later verdeel.

Hierdie naturellejeug praat 'n vorm van geheimtaal dog nie met die doel tot geheimhouding nie. Dis bloot 'n navolging van ouer naturelle met wie hulle in aanraking kom en wie se gesprekke hulle aanhoor.

Ondersoek het aan die lig gebring dat die grootste aantal van hierdie kinders op skool is, dog 'n aanmerklike aantal nog nooit skool bygewoon het nie, of die skool permanent of tydelik verlaat het. Hulle is soms deeltyds in diens waar hulle op die mark (markmolyt) of op die gholfbaan (gholfmolyt en takmolyt)[1] as draers

---

1) Vgl. die woordelys p. 51

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

optree. Baie van hulle is ook koerantverkopers.

Lede van hierdie groepies word dikwels later opgeneem in ouere bendes.

(b) Tsotsi-bendes.[1)]

Aangesien daar deur verskillende persone verskillende betekenisse aan die benaming Tsotsi gegee word, sal ons hier die benaming eers kortliks bespreek.

Die herkoms van die woord Tsotsi lewer baie probleme op. In die eerste instansie vind ons in Xhosa 'n tradisionele van Tsotsi. Draers van hierdie van wat ondervra is, ken egter nie die betekenis daarvan nie. Talryke Tsotsi's wat in die verband geraadpleeg is, is ook nie in staat om die herkoms en betekenis van die woord te verklaar nie, Sommige beweer egter dat dit van die Amerikaanse plattaal Zoot-suit afgelei is. Dit klink moontlik as mens dink aan die Zoot-suit-bendes van New York wat soortgelyke broeke as die van die Tsotsi's gedra het.[2)] Andere beweer dat dit 'n broek waarvan die pype onder nou is, beteken. Dit klink ook logies as ons die Suid-Sotho woord ho tšotsa (skerpmaak) ..., in aanmerking neem. So praat hulle ook deesdae van Tsotsify met die betekenis van 'n broek laat verander volgens die Tsotsi-mode.

Dit was oorspronklik die betekenis van die woord onder die Tsotsi-geledere. Dit het egter 'n verdere betekenis van 'n persoon wat die mode van die skerp-broek navolg, aangeneem.

Buitestanders het egter die betekenis van skelm aan die woord gegee en vandag word die woord in hierdie engere sin gebruik.

Vir die doel van hierdie ondersoek sal ek egter na Tsotsi verwys as daardie groep jeugdige naturelle wat die mode van die skerp-broek navolg en 'n besondere lewenshouding openbaar.

---

1) Vroeër was hierdie bendes bekend as die Funani's. Die naam is afgelei van die Zoeloe: Ufunani eɓusuku aɓantu ɓalele.

2) Vgl. Chambers : The Juvenile Gangs of New York. The American Mercury (April 1946) pp. 480-86.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In 'n poging tot klassifikasie van die verskillende tipes van Tsotsi-bendes moet ons in gedagte hou dat daar geen terminilogie bestaan wat die posisie sonder meer kan saamvat nie. Ons moet ons dus hier laat lei deur benamings van verskillende tipes en groepe soos bekend in hul eie geledere. Verdere probleme in hierdie verband is die feit dat die benamings wissel en verander.

So vind die Ekonomiese Naturelle Kommissie in 1930-32 (paragrawe 566 en 778-782 van hulle verslag) byvoorbeeld dat daar <u>amalayita-bendes</u>,[1] wie se misdadige aktiwiteite in 'n mate ooreenkom met die van ons huidige Tsotsi-bendes in die grotere stede ontstaan. (Die kommissie onderskei egter nie tussen die aktiwiteite van die huisbediende-groepe en die van die permanente lokasiebewoners nie, en dit wil voorkom asof hulle die huisbediende-groepe verkeerdelik van die dade van die lokasiejeug beskuldig.)

Later vind ons dat die bendes van die lokasiejeug hulself van die analayita's onderskei met die benaming <u>Funani's</u>. Nog later word dié naam vervang deur die benaming <u>Tsotsi's</u>.

Hierby moet nog ingedagte gehou word dat die groepe en indiwidue op sigself steeds 'n ontwikkelingsgang toon met die gevolg dat daar tussenstadia by die verskillende bende-tipes ontstaan.

Die huidige posisie kan egter as volg saamgevat word: Die speelgroep wat reeds beskryf is, dien as voorstadium vir die Tsotsi-bendes. By die bereiking van adolosensie het 'n groot aantal van die jeug reeds die skool verlaat ('n aansienlike aantal skoolgaandes skakel by hulle in) en slenter op straat in groepies van twee, drie of vier rond.

---

1) Hierdie <u>analayita</u>-bendes moet nie verwar word met die analayita-bendes wat onder <u>Huisbediendes</u> behandel is nie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

So 'n groepie noem hulself Tjommies en die tipe is bekend as Mediums (in sommige gevalle Wartine Spies) omdat hulle nog leer en nog nie Klêwe's[1] is nie. Per geleentheid kom hulle in groter groepe in biersale en agterstraatjies bymekaar waar hulle dobbel daggarook, drink en mag besluit om 'n rensj ('n bende-eenheid) te vorm en kan as sodanig dus as geleentheidsbendes beskou word. Hulle is nog nie georganiseerd nie, het nie 'n groepsleier (behalwe as 'n natuurlike leier hom per geleentheid voordoen) en 'n groepsnaam nie. Hulle praat egter 'n vorm van geheimtaal (die Flaaitaal), maar leer dit slegs spontaan aan in teenstelling met die georganiseerde bendes wat verder op die Flaaitaal voortbou.

Hulle is gewoonlik werkloos en trag om geskikte werk te vind, dog voorsien intussen in behoeftes soos geld vir dobbel, drank en bioskoop deur middel van klein diefstal (ongeorganiseerd) en roof op alleenlopende rasgenote. Origens word die van hulle wat ouers het deur dié onderhou. Diegene wat egter hierdie sorg ontbeer, voer 'n wisselvallige bestaan: indien hulle nie werk het nie en opbrengste van roof, diefstal en dobbel swak is, moet hulle soms van brood, atsja[2] en water leef en by vriende rond en bont slaap.

Soos gemeld is hulle gewoonlik werkloos. Werk word slegs opgeneem indien 'n geskikte betrekking gevind word en dié is uiters skaars. (Vgl. bls. 17.)

Diegene wat nie 'n geskikte betrekking vind nie is gewoonlik slegs af en toe vir 'n week of so in diens met die doel om 'n paar sjielings vir die dringendste behoeftes te verdien.

Nadat hulle geskikte werk gevind het, hou hulle op om te bestaan as Mediums; hulle gedrag verander langsamerhand en hulle is nou bekend as Hepkets. Wat kleredrag en algemene voorkoms betref

---

1) Volwaardige, misdadige Tsotsi's (Klewe's < Clever).
2) 'n Brousel, gemaak van gemaalde Mango-pitte en skille en kerrie wat deur Indiërs verkoop word. 'n Tsotsi wat genoodsaak word om atsja te eet word deur ander gespot, dis eintlik kos vir moegoes, (dom plaasnaturelle.)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


is hulle nog Tsotsi's en per geleentheid rensi hulle nog. Die vorm van hulle rensi is eintlik 'n dansklub en vorm nie 'n geslote eenheid nie. Sang, musiek en dans is hulle belangrikste aktiwiteite, dog hulle byeenkomste het gewoonlik 'n lae sedelike peil aangesien drank en lede van die vroulike geslag meestal teenwoordig is.

Hoewel 'n dansklub nie 'n groepleier het nie behalwe in sekere gevalle waar 'n uitstaande persoonlikheid soos byvoorbeeld die beste danser of die sterkste lid die leiding op hom neem, het hulle altyd 'n groepsnaam soos byvoorbeeld, die Jolly Jivers (Atteridgeville), die Pèli Proppers (Atteridgeville), die Chicago Dancers (Bantule), die Marabi Squat (Marabastad), die Uptown Yanks (gemeng), ensovoorts.

As 'n Hepket werkloos raak, mag hy opgeneem word in 'n georganiseerde bende.

Hepkets beskou hulleself soms ook as Klêwe's dog onderskei hulleself van die misdadige Klêwe's deur laasgenoemde Majietas (Magic Gardens) te noem.[1]

Die geleentheidsbendes van die Mediums wat werkloos bly, ontwikkel langsamerhand in georganiseerde bendes. Hulle kan ook individueel in bestaande georganiseerde bendes opgeneem word. In so 'n georganiseerde bende het lede verskillende rang en status. Die volgende diagram word deur lede geteken om hulle organisasie te verduidelik:[2]




1) Vgl. onder die woordelys en op bls. 39.

2) Alle Klêwe's is nie op hierdie wyse in soortgelyke bendes georganiseer nie. Daar is talle bendes wat uit slegs sowat 6 lede bestaan en waarvan die organisasie baie meer elementêr is. Die ontwikkeling gaan egter in die rigting van die meer georganiseerde

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

So 'n groep word deur hulself 'n rensi genoem en bestaan gewoonlik uit 12 tot 30 lede onder een hoof, die Shot of Bigshot genoem met 'n onderhoof, die Eyekeeper,[1] genoem. Die tweede sirkel stel die Klêwe's voor en elke Klêwe het 2, 3 of 4 juniors (Mediums uit die buitenste sirkel) wat saam met hom optree. So 'n groepie van 1 Klêwe en 'n paar Mediums noem hulself Tjommies, en die Klêwe van die groepie is die Cap - leier. Buit wat deur die Tjommies geroof word, word deur die Cap na die Bigshot geneem, en dan word fifties gegaan - die buit verdeel. Elke Klêwe ontvang 'n deel wat hy weer verder onder homself en die lede van die Tjommies verdeel. Baie streng kontrole word oor lede uitgeoefen en ontrouheid aan die bende word gestraf met slae en ligte messteke.

In teenstelling met die posisie op die Rand[2] gaan die organisasie van die Tsotsi's in Pretoria nie verder as die individuele rensi met sy Bigshot nie, en verskillende rensie besit nie 'n gemeenskaplike hoof nie. 'n Rensi besit 'n rensi-naam wat in sommige gevalle van die Bigshot se naam afgelei is, byvoorbeeld Chinaman se rensi het die naam China's gekry. Die omgekeerde kan ook plaasvind byvoorbeeld die Russians, die Pairits en die Koreans het hulle leiers onderskeidelik die name Russia, Pai en Kor gegee. Tjommies het ook sons hulle eie naam byvoorbeeld die Peter Jacksons, die Bad Brothers, die Naughty Boys ensovoorts.

Nuwe lede (Mediums - ook genoem Wartime Spies en Skêpies) word tot die rensi geïnisieer en so 'n inisiasie bestaan uit die bewys dat lede die moed en bedrewenheid besit om diefstal suksesvol uit te voer. Met daardie doel word 'n aspirant lid uitgestuur om op eie houtjie op 'n aangewese plek te gaan steel of minstens 'n voorgeskrewe bedrag of artikel te lewer. Daarna ontvang hy sy bende-naam en verdere opleiding en word later 'n Klêwe - volwaardige lid.

So 'n georganiseerde bende mag in 'n kriminele bende ontwikkel of mag gedeeltelik deur 'n sjebeen indiens geneem word, of kan ophou om te bestaan as 'n bende deurdat lede trou en uitmekaar gaan.

---

1) Die benaming is nagevolg van bendes op die Rand waar die Eyekeeper van buite aangestel word om 'n oog oor die bende te hou. Hys is 'n soort skakelbeampte tussen die bende en die res van die organisasie. In Pretoria is hy bloot 'n onderhoof en die benaming is dus onvanpas.
2) Op die Rand word die bendes van 'n lokasie opgedeel in junior en

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Dit bring ons by die volgende bende, naamlik die Sjebeen-groep. Hierdie bende kan ontstaan deurdat 'n bende soos die vorige gedeeltelik by 'n sjebeen in diens tree, of deurdat Tsotsi's wat by 'n sjebeen in diens is hulle eie bende vorm. Die indiensneming deur die sjebeen geskied meestal deurdat 'n aantal of almal van die van die vorige groep permanente ondersteuners en aanhangers van 'n sekere sjebeen word en teen vergoeding sekere dienste aan die sjebeen lewer. Die aantal op die wyse in diens hang af van die invloedrykheid van die sjebeen. Die volgende elemente word meestal in die sjebeen-groep aangetref.

1. Die Bigshot.

Hy is die leier en sterkste lid omdat hy direk met die kliënte in aanraking kom as hy die drank verkoop. Hy moet sterk wees aangesien hy die orde moet handhaaf en die belange van die sjebeen moet behartig. In sterk organisasies het hy soms 'n assistent en dan hou hy net algemene toesig oor alles.

2. Die Holedigger.

Sy taak is om die drank onder die grond te versteek waar dit moeilik te vind sal wees ingeval van 'n polisie-klopjag. Hy is al persoon wat weet waar dit weggesteek is en hy skep ook die drank uit en oorhandig dit aan 'n derde persoon wat dit aan die Bigshot oorhandig. Hyself oorhandig dit nie aan die Bigshot nie sodat niemand hom met die versteekte drank kan assosieer nie,

3. 'n Aantal Spysmashers.

Hulle bestaan uit soveel lede as wat nodig geag word om op die straathoeke te staan en wag te hou ingeval polisie miskien mag opdaag. Hulle bly nie permanent op hulle poste nie, dog word afgelos deur ander lede sodat hulle ook geleentheid het vir gesellige verkeer in die sjebeen.

'n Sjebeen-groep wat uit die vorige tipe bende ontstaan het, hou hulle aanhang van Mediums en gaan voort met hulle bedrywighede.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In die geval van sommige sjebeens is daar nog 'n aantal meidjies as bordeel-meisies aanwesig.

Sjebeens het name. Name soos Casa Blanca, Silverqueen, My Happy Land, Cabin in the sky, My Cabin, ensovoorts. is baie bekend. 'n Sjebeen-groep behou hulle oorspronklike naam, dog na hulle kan ook verwys word as Casa Blanca se rênsj of My Cabin se rênsj, ensovoorts.

Die antie (sjebeenkoningin) bly die persoon met die meeste gesag en invloed in die organisasie, dog sy tree deurmiddel van die Bigshot wat haar regterhand is, op.

'n Ander tipe bende wat uit 'n Klêwe-rensj[1] mag ontwikkel of saamgevoeg mag word uit enkel oorblywende lede nadat die bende tot niet gegaan het, is die Kriminele[2] bende. Hierdie bendes is gewoonlik nie groot nie en bestaan meestal uit ongeveer 5 lede, dog daar is een bende van hierdie tipe aan my bekend met 'n ledetal van 16. Benewens hierdie nukleus is daar 'n aantal aanhangers wat nie as lede beskou word nie, maar van wie indien nodig gebruik gemaak kan word. Hierdie bendes bestaan uit volwasse naturelle met ouderdomme tussen 30 en 40 jaar.

Sommige van die bendes beskou hulself as Tsotsi's. maar andere beweer dat hulle nog Funani's is en dat die woord Tsotsi maar net hulle kleredrag aandui. Hulle sê dat hulle die Old Timers en Pre-wars is in teenstelling met die New-look-clevers van die huidige Tsotsi-bendes.

Die bendes is sonder uitsondering baie bedrewe in geheimtaal: sommige gebruik Shalambombo,[3] sommige Flaaitaal[3] terwyl andere Shalambombo en Flaaitaal meng.

Aangesien die bendes klein is, is die organisasie eenvoudig. Daar is slegs 'n leier wat baie skrander moet wees. Hulle bendes het egter name soos die Dead End Kids, die Tjôpa Gang,

---

1) Georganiseerde bende met Klewe's as nukleus soos aangetoon.
2) Daar is natuurlik kriminele bendes soos byvoorbeeld, bendes van Buitelandse naturelle en verskeie ander tipes wat absoluut geen verband hoegenaamd met die Tsotsi's het nie; en hulle val buite die bestek van hierdie verhandeling.
3) Benamings van geheimtale wat deur misdadige naturelle gebruik word. Vgl. onder Tsotsi-taal.

die Black Cans, die Chanamatan, ensovoorts en elke bendelid het 'n bendenaam, byvoorbeeld die name van die Dead End Kids is Big Boy Blue (die Bigshot), Background-to-Danger, Joodjie, Tiekieboy, Hansi en Badman-of Brimstown.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Lede sweer 'n eed van getrouheid (genoem 'n lifetime pek) wat byvoorbeeld lui: ntôlôlo op konynen, op skwês jaag, op bulvang, op stoktrek, op kats op die lyn, op ôkzen. (die dood vir geld, vir diefstal, vir roof, vir inbraak, vir diefstal op die trein, vir verkragting.)

Hulle pleeg misdaad georganiseerd en op 'n groot skaal. Dikwels gebruik hulle motors tot die bereiking van hulle doel.

Die meeste van hierdie bendes kan nie eintlik beskou word as behorende tot die Tsotsi's van Pretoria nie. Hoewel hulle hulle soms vir 'n lang tydperk in die Pretoriase lokasies vestig is hulle eintlike jagveld in Johannesburg.

Ons kan dus die posisie ten opsigte van bendes in die lokasies as volg saamvat.

Speelgroep → Mediums → Hepkets → Verdwyn as groep.
Speelgroep → Mediums → Klêwe'-rensj → Sjebeenrensj.
Klêwe'-rensj → Kriminele bende.
Klêwe'-rensj → Verdwyn as bende.

(Die tussen-stadia word nie aangedui nie.)

2. KENMERKE EN AKTIWITEITE.

(a) Die Tsotsi's 'n Adolosente groep:

Soos uit die voorgaande algemene bespreking van die verskillende tipes waarin die Tsotsi-bendes in hoofsaak ingedeel kan word, blyk, ontwikkel die tipes spontaan vanaf die ongeorganiseerde tot georganiseerde, hegte eenhede. Uiteraard hang hierdie ontwikkeling dus ten nouste saam met die ouderdom van die lede: die ongeorganiseerde groepe bestaan naamlik uit vroeë (11-17 jaar) en die georganiseerde bendes uit latere (15-25 jaar) adolosente; terwyl die sjebeengroepe en kriminele-bendes uit volwassenes bestaan. (Hepkets bestaan natuurlik uit latere adolosente).

(b) Gebrekkige skoolopleiding:

Soos blyk uit die tabel wat die verspreiding van leerlinge tussen die verskillende standerds op skool aangee, (Vgl. bls. 12) strek die skoolopleiding van die meerderheid van die naturelle kinders

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

standerds 2, 3 en 4 nie. Ons tref gevolglik aan dat dieselfde posisie ten opsigte van die Tsotsi's geld, hoewel daar enkeles voorkom wat hoër onderwys geniet het. Die tendens is egter op te merk dat die Tsotsi wat minder skoolopleiding geniet het, hoër klim in die Tsotsi-geledere; waarskynlik omdat hy meer geleentheid gehad het om Tsotsi-praktyke te beoefen en gouer by 'n georganiseerde bende kon aansluit. Die tendens is verder dat Hèpkêts gewoonlik meer skoolopleiding geniet het as Klêwe's. Origens speel skoolopleiding egter geen definitiewe rol in die samestelling van die bendes nie.

(c) <u>Heterogene stamherkoms</u>.

Soos reeds geblyk het (Vgl. bladsy 8 ) is die naturellegemeenskap in die lokasies heterogeen wat stam betref en ek het gevolglik gevind dat die meeste Tsotsi's van gemengde oorsprong is, dit wil sê, die een ouer is 'n Mokgatla en die ander Mopedi of selfs die een is van Ngoeni-oorsprong en die ander van Sotho, Venda of Shangana-Thonga, gevolglik kom stamverband nie eintlik ter sprake in die samestelling van die bendes nie.

Bendes van die <u>Mediums</u> en <u>Klêwe's</u>, waar lede uit verskillende rasse bestaan, is aan my onbekend. In die geval van ses kriminele bendes wat ek ondersoek het, egter, bestaan slegs een net uit naturelle terwyl die ander vyf uit naturelle en kleurlinge bestaan.

In die geval van vier, van die vyf gemengde bendes is kleurlinge leiers van die bendes en dit wil dus voorkom asof kleurlinge die belangrikste posisies in die gemengde bendes inneem. Origens is daar egter geen tekens te bespeur dat rasseverskil enigsins in die weg van goeie samewerking en broederskap staan nie.

(d) <u>Gemeenskaplike lokaliteit</u>:

Die rol wat gemeenskaplike verblyf en/of werksplek in die samestelling van die bendes speel, word die beste geillustreer deur die posisie in Marabastad soos dit vroeër in die tyd van die Funani's was. Daar was byvoorbeeld die <u>Moolo-rênsj</u> bestaande uit

persone wat in die omgewing van Moolo se winkel gewoon of gewerk het; die Orient-rensi in die omgewing van die Orient-teater; die Opa-(open)-rensi langs die onbeboude (oop) stuk grond langs Marabastad, ensovoorts.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Deur die verskuiwing van 'n aantal gesinne van Marabastad na Atteridgeville en Bantule. deur die plaaslike owerheid, is die toestand verander, deurdat lede van dieselfde bende van mekaar verwyder is. Ons vind egter tog dat die lede van 'n bende gewoonlik in dieselfde lokasie woonagtig is.

Dit blyk dus dat gemeenskaplike verblyf- en werksplek saamhang met die samestelling van die bendes.

(e) Samehorigheidsgevoel:

Hoewel die verskillende Tsotsi-bendes los van mekaar staan en baie nie eens aan bendes behoort nie, het al die Tsotsi's baie in gemeen: hulle maak gebruik van 'n enerse kleredrag en gemeenskaplike taalvorm; hulle het almal in dieselfde milieu opgegroei; min of meer dieselfde onderwys geniet en het met dieselfde probleme in verband met werkgeleenthede te kampe. Die gevolg hiervan is dat ons enerse gedragspatrone, lewenshoudinge en aktiwiteite by hulle aantref.

Hierdie gemeenskaplike belange van die Tsotsi's veroorsaak dat hulle 'n gemeenskap binne 'n gemeenskap vorm met 'n sterk samehorigheidsgevoel wat by die stedelike Bantoe origens vreemd is. Mens vind wel dat bendes mekaar soms aanval dog dit moet nie as werklike vyandskap beskou word nie, dog veel eerder as 'n deel van hulle sosiale patrone wat voortvloei uit die drang na die avontuurlike; 'n eienskap van die adolosent. Dit word mooi geillustreer deur die benaminge van bendes soos die Koreans en Chinas en die vroeëre German-rénsi en Englishman-rénsi wat terwille van die romantiese geswore vyande is, dog in geval van gemeenskaplike moeilikhede saam optree soos telkens bewys wanneer 'n lid in die moeilikheid beland en hy deur ander Tsotsi's, afgesien van watter bende, beskerm word.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

persone wat in die omgewing van Moolo se winkel gewoon of gewerk het; die Orient-rensi in die omgewing van die Orient-teater; die Opa-(Copen)-rensi langs die onbeboude (oop) stuk grond langs Marabastad, ensovoorts.

Deur die verskuiwing van 'n aantal gesinne van Marabastad na Atteridgeville en Bantule. deur die plaaslike owerheid, is die toestand verander, deurdat lede van dieselfde bende van mekaar verwyder is. Ons vind egter tog dat die lede van 'n bende gewoonlik in dieselfde lokasie woonagtig is.

Dit blyk dus dat gemeenskaplike verblyf- en werksplek saamhang met die samestelling van die bendes.

(e) Samehorigheidsgevoel:

Hoewel die verskillende Tsotsi-bendes los van mekaar staan en baie nie eens aan bendes behoort nie, het al die Tsotsi's baie in gemeen: hulle maak gebruik van 'n enerse kleredrag en gemeenskaplike taalvorm; hulle het almal in dieselfde milieu opgegroei; min of meer dieselfde onderwys geniet en het met dieselfde probleme in verband met werkgeleenthede te kampe. Die gevolg hiervan is dat ons enerse gedragspatrone, lewenshoudinge en aktiwiteite by hulle aantref.

Hierdie gemeenskaplike belange van die Tsotsi's veroorsaak dat hulle 'n gemeenskap binne 'n gemeenskap vorm met 'n sterk samehorigheidsgevoel wat by die stedelike Bantoe origens vreemd is. Mens vind wel dat bendes mekaar soms aanval dog dit moet nie as werklike vyandskap beskou word nie, dog veel eerder as 'n deel van hulle sosiale patrone wat voortvloei uit die drang na die avontuurlike; 'n eienskap van die adolosent. Dit word mooi geillustreer deur die benaminge van bendes soos die Koreans en Chinas en die vroeëre German-rensi en Englishman-rensi wat terwille van die romantiese gesworé vyande is, dog in geval van gemeenskaplike moeilikhede saam optree soos telkens bewys wanneer 'n lid in die moeilikheid beland en hy deur ander Tsotsi's, afgesien van watter bende, beskerm word.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Jongere lede van die Tsotsi's word nooit deur oueres met mening geslaan en beroof nie - hulle word wel afgeknou en geld van hulle afgeneem, dog daar is geen kwaaie gevoelens nie, en die bedoeling is onder andere ook om hulle in te lyf tot die Tsotsi-gebruike, en tot versigtigheid te maan.

(f) Die Drang na die Avontuurlike:

Wanderlust en die drang na die avontuurlike en nuwe ondervinding is 'n kenmerk van die adolosent. Ons vind gevolglik dat die Tsotsi's onder die dekmantel van werksoek in klein groepies in die strate rondslenter sonder 'n spesifieke doel.

Die bioskoop bevredig in 'n mate, dog stimuleer tegelykertyd ook hierdie drang met die gevolg dat die Tsotsi's die bioskoop dikwels besoek. Die rolprente waarvan hulle die meeste hou is die Wild West-tipe en andere waar musiek, sang en dans vertoon word. Voorbeelde van sulke prente is Stormy Weather, Cabin in the Sky, The Girls they left behind, en Magic Garden.[1)]

'n Mooi voorbeeld van die invloed van die bioskoop op die Tsotsi's vind ons byvoorbeeld in die woord rensi. Dis afkomstig uit die bioskoop as volg: die Amerikaanse uitspraak van die woord ranch wat 'n beesboerdery met 'n aantal Cowboys daarby beteken, het aanleiding tot die Tsotsi-woord rensi gegee. Dit word as selfstandige naamwoord en as werkwoord gebruik en beteken 'n groep of die vorming van 'n groep.

As illustrasie van hoe 'n populêre rolprent die verbeelding van die Tsotsi's aangryp, kan mens noem dat hulle vir 'n tyd na die vertoning van so 'n prent, daarmee dweep deur byvoorbeeld die spraak en maniere van die hoof-karakters na te boots, name en uitdrukkings daaruit oor te neem, ensovoorts. Ons dink byvoorbeeld aan die film The Street with no Name, wat die Tsotsi's dermate aangegryp het, dat 'n groepie van hulle die straat waarin hulle woon, met dié naam verdoop het, en vir 'n paar wekelank insidente uit die film weer deurleef het.

---

1) In hierdie rolprent word die lewe van misdadigers wat nie werk nie, vertoon. Misdadige Klêwe's word in navolging Majieta's of

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hulle kleredrag getuig verder van die invloed wat die bioskoop op die Tsotsi's uitoefen. Tsotsi's beweer dat die mode van die skerpbroek uit die rolprent Stormy Weather, waar Amerikaanse kleurlinge van soortgelyke kleredrag gebruik maak, nagevolg is.

Baie benamings en terme van die Tsotsi's is uit rolprente nagevolg. Voorbeelde hiervan is Sisko Kid, Durango Kid, hide out (wegkruipplek) monaldak (Vgl. die woordelys bladsy 56 ), ensovoorts.

Die bendes as sodanig kan verder beskou word as 'n bron van ontvlugting vir die adolosent. Daar vind hy geleentheid om aan die alledaagse te ontsnap en sy verbeelding vrye teuels te gee. Gevegte tussen bendes, geheime kodes en die gevoel dat hy net soos die boewe-bendes in die rolprente aan 'n eie groep behoort, verskaf hom avontuur. Misdaad wat deur die bende gepleeg word en die agtervolging van die polisie op die hals haal, stimmuleer verder sy drang na die avontuurlike en spoor hom aan tot dade. Vergader- en speelplekke buite die lokasies in die omliggende randjies en plantasies hou eweneens avontuur in. (Die latere adolosente verkies egter om soos die Amerikaanse boewe in die rolprente in 'n woonhuis of agterplaas van 'n winkel te vergader.)

(g) Misdadigheid:[1)]

In teenstelling met die Tsotsi's van die Rand maak die Tsotsi's van Pretoria hulle nie aan misdaad soos grootskaalse huisbraak en diefstal skuldig nie. Gerugte dat die Tsotsi's van Pretoria 'n sentrale bestuur en 'n kantoor het vanwaar georganiseerde huisbraak onderneem word, het ek ondersoek en het geblyk ongegrond te wees. Die rede waarom in Pretoria nie georganiseerde huisbraak deur Tsotsi's gedoen word nie sou ek toeskryf aan die feit dat die Tsotsi hier uit jeugdige naturelle bestaan en dat hulle nie oor motors beskik nie, in teenstelling met die posisie op die Rand waar volwasse naturelle en kriminele bendes onder die groter Tsotsi-organisasie ingesluit word. Soos reeds gemeld is die Rand die eintlike verblyf en jagveld van kriminele bendes wat in die Pretoriase lokasies aangetref word.

---

1) Vgl. ook die tekse p. 60

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Diefstal en roof op 'n kleiner skaal is veral die misdadige aktiwiteite van die Pretoriase Tsotsi's. Veral hul rasgenote, dit wil sê onkundige naturelle (Mcegoe's) wat hulle in die donker in die stil plekke begeef, word beroof (strouk geslaan.) Op 'n vraag oor wie almal strouk geslaan word, het ek verskillende antwoorde ontvang. Party beweer dat: „Ons slaan strouk net wat kom," ander beweer: „Ons slaan nie 'n Outoppie (Ouman) strouk nie; 'n Hepket gan (aanval) ons net as hy ons nie gha (gee) nie; 'n Lanie (blanke) strouk ons net as hy gesop (dronk) is. Ons breek 'n huis net as die tjêrrie (diensmeidjie) van daar ons die lowdown kan gha."

Vergelyk ons hierdie verklarings met die wat Tsotsi's van Randfontein verstrek het, blyk dit duidelik dat in die geval van laasgenoemde die doel van die roof nie meer bloot ekonomies soos in die geval van Pretoria is nie. Hulle verklaar naamlik dat: „Ons strouk net 'n man wat ryk is. 'n Man wat arm is, ons los hom. . . Ons strouk al die Lani's omdat hulle ons se ma's roep om te hulle wasgoed was."

Die wyse waarop die Pretoriase Tsotsi's roof, kom meestal daarop neer dat niksvermoedende persone in die donker, stil straatjies ingewag en deur twee of drie Tsotsi's oorweldig word. Soms vertoef die groepie van twee of drie op die stasie of bushalte en hou onkundige naturelle wat van die trein of bus afklim, dop en agtervolg hulle om hulle dan later te beroof. Gewoonlik word net die beursie en bagasie geneem. Dikwels word gebruik gemaak van 'n mes (as die slagoffer hom teesit). Ek was ooggetuie waar so 'n naturel beroof is: toe hy hom teesit en die Tsotsi's hom nie kon oorweldig nie, het een 'n mes uitgehaal en hom 'n waarskuwende steek gegee. Toe hulle nie die beursie gou genoeg uit sy baadjiesak kon kry nie, het hulle 'n stuk van die baadjie met sak en al afgesny en die spat geneem. Toe ons die slagoffer bereik, het net die twee paar tjanksies (seilskoene) wat die Tsotsi's in der haas uitgeskop het om vinnig te kon weghardloop, daar gelê.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die kleredrag wat die Tsotsi op sy strooptogte gebruik, is:

(i) 'n Baie nou broek. Hulle beweer dat die doel van die nou broek is om oor 'n draad te kan spring sonder dat die pyp vashaak as hulle deur die polisie gejaag word.

(ii) Tjanksies - seilskoene waarvan die tong uitgesny is, en op 'n besondere manier toegeryg word, sodat die veter 'n junction vorm - vandaar die naam tjanksies. Voordat die slagoffer aangeval word, word die tjanksies losgemaak sodat dit maklik uitgeskop kan word en hulle dus kaalvoet makliker kan weghardloop.

(iii) 'n Kidkêps - 'n besondere soort pet wat diep oor die oë getrek word om te dien as vermomming. Soms word 'n sakdoek net onderkant die oë oor die gesig gebind.

(iv) Geen besondere soort baadjie of hemp word aangetrek wanneer hulle op die roof uit is nie.

Die gemiddelde maandelikse inkomste van die Tsotsi deur roof is van vyf tot tien pond, hoewel by wyse van uitsondering soms groot bedrae per strooptog verkry word.

(h) Immoraliteit met betrekking tot Seks:

Wat seks betref, lei die Tsotsi 'n baie onsedelike lewe. Molle wandel (jong meidjies op straat soek) is 'n gereëlde praktyk onder die Tsotsi-geledere. Hiervolgens gaan hulle saans as die huisbediendemeidjies van diens af is, in die blanke woonbuurtes rond en soek meidjies om hulle na verskillende plekke soos die Uniegebou-tuine, ensovoorts te vergesel. Baie Tsotsi's het ook 'n gereëlde slaapplek by 'n huisbediende-meidjie.

Verkragtings vind ook dikwels plaas. Aan my is verskeie gevalle bekend waar 'n groepie van drie, vier en selfs vyf Tsotsi's saam een meidjie verkrag het.[1]

(i) Werkloosheid.

Die Tsotsi werk slegs by wyse van uitsondering, dit wil sê as hy nie een van die gesogte betrekkings kry wat reeds vroeër beskryf is nie. Nou en dan tree die Tsotsi egter in ander diens

1) Op die Rand is dit 'n voordeel van 'n bendelid dat hy 'n meidjie deur die bende kan laat „ontvoer" as hy van haar hou. Sy word dan belet om met enigiemand wat nie aan die organisasie behoort nie te

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

vir ongeveer 'n week lank, gewoonlik met een van twee doele: om 'n paar sjielings vir dobbelgeld te verdien as die opbrengs van rooftogte skraal is; of om verkenningswerk te doen by die werkgewer met die doel om later daar te gaan steel. Gevalle waar 'n Tsotsi in diens tree met die doel om te help om in die behoeftes van die gesin. waaruit hy kom, te voorsien, is aan my onbekend. Daar is ook baie Tsotsi's aan my bekend wat nog nooit in hulle lewe gewerk het nie.

(j) Godsdiensloosheid.

Die oorgrote meerderheid van die Tsotsi's beweer dat hulle gereëld Sondae kerk toe gaan. Die doel is nie altyd soseer om eer aan God te bring nie, dog die drang na geselskap, sosiale verkeer en gesamentlike sang. Party beweer dat hulle kerk toe gaan om in die geselskap van die meidjies heen en terug te kan wees. Gevalle wat ek ondersoek het, het my onder die indruk gebring dat die kerk-toe-gaan van die Tsotsi geskied deurdat hulle meng met 'n groepie meidjies op pad kerk-toe en dan maar saam ingaan met die doel om net weer saam terug te keer.

(k) Groepsgevegte.

Groepsgevegte was vroeër in die tyd van die Funani's aan die orde van die dag. Deesdae kom gevegte tussen groepe van die Pretoriase lokasies minder voor. Die rede is waarskynlik die opbreking van die oorspronklike groepe deur die verskuiwing van gedeeltes van Marabastadlokasie. Indiwiduele lede en klein groepies van ander lokasies word egter aangeval en beroof. In sulke gevalle word gebruik gemaak van wapens soos messe en geslypte fietsspeke, en praat die groep onder mekaar 'n ghiebriesi[1] van die geheimtaal wat net aan die groep bekend is.

---

1) Vgl. onder die behandeling van Tsotsi-taal.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

(l) Voorliefde vir sekere spele:

Reeds by die speelgroepe vind ons dat die Bantoejeug besonder baie van sokker hou. Hulle speel byvoorbeeld vir ure aaneen sokker met 'n tennisbal. Dit is dus te verstane dat die grootste gros van Tsotsi's, veral die Mediums, baie belang in die spel stel, en mildelik van die fasiliteite wat vir die doel geskep is, gebruik gemaak.

'n Ander tipe Tsotsi, veral die Hêpkêts speel graag gholf. Die rede hiervoor lê waarskynlik daarin dat baie van hulle op een of ander stadium van hulle lewe vir 'n gholfspeler as joggie diens gedoen het. Die oop terrein tussen Borderstraat en die Apiesrivier doen gewoonlik diens as gholfbaan. Geen werklik georganiseerde spel word gespeel nie - hulle slaan slegs die balletjie rond en poog om dit in die putjie te kry. Hulle besit ook geen behoorlike uitrusting nie, dog meestal slegs een gholfstok en 'n balletjie.

Ander sportsoorte waaraan Tsotsi's deelneem is tennis (veral die Hêpkêts) en boksgevegte en krieket; dog dis nie baie populêr nie.

Geen Tsotsi aan my bekend neem aan atletiek deel nie. Dit word beskou as iets wat by skoolkinders tuishoort. Eweneens stel geen Tsotsi belang in die amalayita-gevegte[1)] nie. Hulle beskou dit as benede hulle waardigheid.

(m) Afwesigheid van Politiek doelstellinge:

Ondersoek het aan die lig gebring dat die Tsotsi's van Pretoria, altans die grootste gros van die mediums en klêwe's, weinig of geen belang in politiek stel nie en dat die motiewe van die organisasies, waar ons dit kry, bloot sosiaal en ekonomies is; met ander woorde, dat die Tsotsi verskynsel hier nog in sy oorspronklike vorm aangetref word. Op vrae aan Tsotsi's oor wat hulle op Meidag, 1950, toe daar sprake van 'n algemene staking was, gaan doen, het ek die volgende antwoorde, wat die posisie duidelik illustreer, gekry:

---

1) [illegible]

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

,,Sondag gaan ons feesvier en Maandag gaan ons in die strate sing en dans (dus eintlik 'n jool hou) en dan gaan ons ons passe verbrand." Op 'n vraag watter passe verbrand gaan word, het hulle geantwoord: ,, Die Mentalpas" (naturel se kopie van die dienskontrak). Op 'n verdere vraag oor die werksoekpermit dan, het hulle retories uitgeroep: ,, Nee! Hoe kan ons nou 'n special (werksoekpermit) verbrand?" Ek moet hier net verduidelik dat indien 'n dienskontrak verlore gaan, 'n nuwe afskrif vir een sjieling gekoop kan word. 'n Werksoekpermit is egter nie so maklik bekombaar nie en 'n werklose naturel wat hom op straat begeef sonder 'n werksoekpermit, loop gevaar om deur die polisie gearresteer te word. Die werksoekpermit is dus eintlik al dokument van besondere waarde wat die Tsotsi dra.

Massa-onluste is in Pretoria bykans onbekend - miskien juis weens die feit dat die Tsotsi's hier nie in een groot organisasie saamgesnoer is soos op die Rand nie. Op die Rand speel die Tsotsi's die belangrikste rol in die massa-onluste aangesien hulle daar enersyds 'n instrument in die hande van 'n politieke organisasie is en andersyds omdat die sjebeens Tsotsi-bendes in hulle diens het om hulle te beskerm. As die polisie dan 'n bier-klopjag op 'n lokasie uitvoer, bots hulle met die Tsotsi-bendes, en op die wyse ontstaan die massa-onluste. In Pretoria is die posisie heel anders. Waar ons op Mei-dag 1950 die kiem van 'n massastaking gehad het, was dit eintlik geloods deur 'n groep wat tot dusver nog buite die Tsotsi geledere staan en politieke bedrywighede het. Hierdie groep staan, soos reeds gesê, los van die Tsotsi-organisasies en het dus nie die steun van die massa Tsotsi's nie. Dis miskien die rede waarom die staking hier nie tot 'n massa-onlus gelei het nie.

(n) Kleredrag:

Die Tsotsi is goed voorsien van klere en gaan gewoonlik welgekleed. Die tipiese Tsotsi-drag bestaan uit die volgende:

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

(i) Die hooftooisel bestaan gewoonlik uit 'n kidkêps, 'n sekere soort pet wat op 'n besondere wyse gevou word, of 'n sekere soort breërand hoed, liefs donker van kleur, bekend as 'n Churchhill, 'n Cristy, 'n Stetson, ensovoorts.

(ii) Das. Die Tsotsi verkies 'n helderkleurige bont das en knoop dit op 'n besondere kenmerkende wyse, soos die „Cowboys" in die rolprente. Dis egter eintlik meer Hepkets wat dasse dra, Klêwe's en Mediums verkies oopslaan-hemde.

(iii) Hemp. Gewoonlik is die hemp helderkleurig rooi, groen, blou ensovoorts. Dit is altyd effekleurig en nooit bont nie. Hulle dra oopslaan-hemde of hemde met vaste boordjies - nooit met losboordjies nie.

(iv) Baadjie. Die baadjie het geen kenmerkende eienskappe nie, hoewel daar soms 'n groen-kakiekleurige baadjie, bekend as Ysterbaadjie, gedra word. Die draer van so 'n baadjie is ook bekend as 'n Ysterbaadjie.

(v) Broek. Daar is verskillende tipes van broeke. Kenmerkend van almal is die nou pyp aan die onderent, gewoonlik van tien tot sestien duim wyd. [1] Soms is die broekspyp so nou dat dit nie oor die voet met 'n skoen aan kan gaan nie. Ons onderskei hier tussen twee gewone tipes:-

(a) Die Bottom. Hierdie soort broek het normale wydte dog slegs heel onder is die pyp aansienlik vernou. Die lengte van die broek is so dat dit op die skoen rus.

(b) Die Tsotsi. In die geval van hierdie soort broek word die pyp egalig nouer tot heel onder. Wat die lengte betref is daar twee tipes, naamlik die Tsotsi wat float dit wil sê, bokant die enkels hang en die Tsotsi botton wat op die skoene rus. Na die verskillende broeke word altyd verwys as Tsotsi zoot ten, of Tsotsi bottom zoot twelf, ensovoorts.

(vi) Kouse. Hier bestaan daar ook verskillende tipes elk met 'n eie naam. Die mees algemene is egter Blokkouse met 'n soort blokkiespatroon en die Argentines, met strepies rondom.

(vii) Skoene. Die verskillende tipes skoene is moeilik om te beskryf. Die wat egter meestal verkies word, is die soorte bekend as golf-skoene, Tjanksies (wat reeds beskryf is, en gewoonlik net aangetrek word as daar geroof word,) Swedes en Bukkes, wat aangetrek word wanneer daar gezoot (mooi aangetrek) word.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die volgende uitdrukkings word gebruik in verband met kleredrag: ghawanskie, lap-eet, mang die draad, mang dit vol. Almal het die betekenis van mooi aantrek.

Die Tsotsi-kleredrag vind sterk byval by die Bantoejeug - ook by diegene wat nie tot die lokasies behoort en as Tsotsi's beskou kan word nie. Huisbediendes ensovoorts, begin byvoorbeeld om die drag na te volg, en die Tsotsi's in houding en spraak na te boots[1] - dog dit bly uiterlik en Tsotsi's dryf met hulle die spot as hulle probeer om Klêwe's te wees.

(o) Dobbelspel:

Baie van die vryetyd van die Tsotsi's word aan dobbelspel bestee. Die enigste dobbelspel wat ek tot dusver by hulle aangetref het, is naamlik die met 'n dobbelsteentjie, bekend as moesjoes-anjag. Die spel kan deur twee gespeel word, dog dit ontwikkel gewoonlik tot 'n intergroepspel met die gevolg dat die spel selde deur minder as ses of sewe gespeel word.

Ander spele waaraan die Tsotsi's deelneem is meule (maraba-raba), dambord, kaart, ensovoorts, dog daarmee word nie gedobbel nie.

Van die ouere Tsotsi's dobbel egter met kaarte as volg: twee swart kaarte en een rooi kaart word onderstebo op die grond geplaas en toeskouers kan dan hulle geld op een kaart plaas. Indien hulle hulle geld op die rooi kaart plaas, ontvang hulle dit verdubbel terug; indien hulle dit egter op een van die swart kaarte plaas, verloor hulle alles. As die toeskouers huiwerig is, om aan die spel deel te neem, plaas 'n vriend van die dobbelaar, wat tussen die toeskouers staan, sy geld op die spel en daar word gesorg dat hy altyd wen. Die toeskouers volg dan gewoonlik na.

---

1) 'n Verklaring hiervoor is miskien omdat meidjies meer van die Tsotsi's hou as van gewone huisbediendes.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die volgende rympie word by die spel gebesig:

My luck is coming from Chicago.
Panyu paku umkondo kamlungu.
The two black cards are the losing cards
and the red card is the winning card.
Put five bob I'll give you ten.
Don't point with your finger,
Put I pay.

Phillips beweer, soos reeds vermeld, dat die Sjinese dobbelspel Fah Feeh besondere aantrekkingskrag vir die Bantoejeug het.[1] Volgens my ondervinding word die spel egter nie deur enige Tsotsi's gespeel nie, dog slegs deur volwassenes.

(p) Danse:

Tsotsi's hou baie van dans. Dis veral die ritteldans (jive) wat baie byval vind en uit rolprente nagevolg word. Saans kom daar gereëld groepies Tsotsi's op die stoepe van Indiërwinkels in Boomstraat bymekaar en dans na die musiek wat deur 'n muntstuk-grammafoon verskaf word.[2] Dikwels word 'n buitestander gedwing om die nodige muntstuk te verskaf.

Daar word egter ook danspartye in die Dougalsaal en in die lokasies gereël, en dan is dit veral die Mepkets wat uitblink en vertonings lewer.

(q) Drankgebruik en Dagga:

Sover aan my bekend gebruik alle Tsotsi's sterk drank. Gewoonlik hou hulle egter nie van die sterkste brousels wat deur sjebeens berei word nie, dog verkies gemmer en kybie (kafferbier) in teenstelling met die barberton, kill-me-quick, bamba-mazink, klim-in-die-boom, sjineva, skokiaan, ensovoorts, wat deur die sjebeens verkoop word.

Kafferbier word gewoonlik in die munisipale biersaal gedrink. Veral op Saterdae kom groepies Tsotsi's daar bymekaar met 'n tweeledige doel: om bier te drink en as 'n dronk naturel die biersaal verlaat hom te agtervolg en te beroof.

---

1) Phillips : The Bantu in the City, p. 104.

2) Hierdie gebruik is egter deur die plaaslike owerheid belet omdat ouers gekla het dat skoolkinders soms heelnag by sulke byeenkomste deurbring.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

<u>Gemmer</u> word van sjebeens verkry dog Tsotsi's drink hulle, in teenstelling met ander naturelle, nie dronk in die sjebeens nie, aangesien hulle bewus is daarvan dat hulle onder sulke omstandighede gevaarloop om beroof te word.

Alle Tsotsi's aan my bekend rook – gewoonlik sigarette (foeng) dog baie dikwels dagga (marwanas). Hulle maak egter nie van 'n daggapyp gebruik nie, dog rol dit slegs in 'n papiertjie (zolmak). Hulle beweer dat hulle van dagga hou omdat dit hulle 'n lekker gevoel (nca plak) gee en aanspoor tot groter dade.[1]

Uiterlike tekens van die gevolge van oormatige gebruik van sterkdrank en dagga is nie by die jongere Tsotsi's bespeurbaar nie. Daar is egter talle naturelle veral in Marabastad en die Kleurling-lokasie vir wie die glorie-ryke bestaan as bendelede van die vroeëre Funani's vergoed verby is, en tans verflenterd, alleenlopend, en verslaafd aan drank en dagga, 'n sukkelbestaan deur middel van onwettige praktyke soos pasvervalsing, klein diefstal, ,,werwers" vir sjebeens, ensovoorts, voer.

Blou kolle in die gesig, puisies, belope oë en fisiese swakheid is 'n kenmerk van hulle – tekens van die gevolge van drank, dagga en swak voeding.

3. <u>TSOTSI-TAAL</u>.[2]

In die geledere van die Tsotsi's en ander naturelle met misdadige en ondergrondse aktiwiteite, word daar van twee <u>tale</u> gebruik gemaak, naamlik <u>Shalambombo</u> en <u>Flaaitaal</u>.

Shalambombo is gebaseer op Zoeloe-Xhosa, en is gebruik deur die eerste Funani's en ander misdadigers in die tronke, met die doel om bewaarders en ander buitestanders om die bos te lei. Hoewel hierdie taal op Zoeloe-Xhosa gebaseer is, is dit aan misdadigers van ander stamme ook bekend. Hier volg 'n paar voorbeelde om Shalambombo te illustreer:

---

1) Vgl. die teks op p. 60.

2) Die doel is hier geensins om 'n diepgaande taalkundige studie te maak nie, dog slegs om 'n illustrasie te gee van die taal wat deur Tsotsi's gepraat word.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

| | Shalambombo. | Betekenis. |
|---|---|---|
| 1. | Siyoeupaphi? | Waar gaan ons drink? |
| 2. | Kulelodladla. | By daardie drinkhuis. |
| 3. | Ngiphendukela Emshishi. | Ek gaan Johannesburg-toe. |
| 4. | Ntswembu utwasa uzokhitela. | Dis sleg, jy sal gevang word. |
| 5. | Piyela, kuntswembu, uzophaka. | Pasop, dis gevaarlik, jy sal gevang word. |
| 6. | Nqa inqiqhi! | Pasop die speurder! |
| 7. | Siyokunqakatheliko kumkayi, siyoncinza ngayo. | Ons sal 'n kaar neem en daarmee gaan steel. |
| 8. | Masisincinzile sithathe indluphane siyofaka.eqaqaseni. | As ons gesteel het, neem ons die goedere en steek dit in 'n bos weg. |
| 9. | Sighihle khona | Ons slaap daar. |
| 10. | Sivuke waileni, siphenduke siyamadladleni. | Ons staan vroeg op en gaan na die huise toe. |
| 11. | Sifuna iqupho nomkapo. | Ons soek drank en kos. |
| 12. | Zikolobile, zimetsi zinomkilo. | Pasop, dis sleg en gevaarlik. |

Opmerkings:

(i) Behalwe in die geval van nommer 12 is die konstruksie deurgaans Zoeloe-Xhosa, dog die meeste van die woordstamme is onbekend.

(ii) In die geval van nommer 3 het die sin die teenoorgestelde betekenis van die werklike, naamlike. Ek kom van Johannesburg af.

(iii) Sinne nommer 4, 5 en 12 word aangewend deur 'n persoon wat waghou en 'n ander adviseer. Dit is dus waarskuwings en die vertalings baie vry.

(iv) In sin nommer 4 is die werkwoord stamme - twasa en -khitela moontlik van edeofone wat min of meer beteken wegsink afgelei.

(v) Die nomenstam - dladla in sinne nommer 2 en 10 kom ook voor as - hlahla en is moontlik afkomstig van i(li)hlahla ('n tak). Interessant in die verband is dat daar 'n sjebeen met die naam Die Swart Tak is.

Volgens lede van die vroeëre Funani-bendes beweer, is Shalambombo ongeveer 1935 algemeen deur die Flaaitaal vervang,

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



en word dit vandag slegs by die tipe naturel, wat onder Kriminele bendes beskryf is, aangetref. Jeugdige Tsotsi's wat in die verband ondervra is, ken die taal glad nie.

In teenstelling met Shalambombo, wat 'n sterk Bantoe karakter het, is die basis van die Flaaitaal Afrikaans. Ek het die Flaaitaal by Tsotsi's in Pretoria, Brits, Rustenburg, Bethal, Johannesburg en op die Rand aangetref en volgens bewering word dit ook in Port Elizabeth gepraat. Vermoedelik word die Flaaitaal dus orals waar Tsotsi's aangetref word, gebruik. Die Flaaitaal is op die verskillende plekke ook merkwaardig eners. Verskille in hierdie verband kan verklaar word uit die feit dat die taal dinamies is, en gedurig verander met die gevolg dat een groep nog 'n sekere term gebruik, terwyl ander reeds 'n ander term vir dieselfde begrip het. Ter illustrasie neem ek die terme vir polisie, bier, geld en werk. Binne 'n tydsbestek van minder as twee jaar was die volgende terme in gebruik:

polisie : kop, arra, sêwentien, spôiler.

bier : koek, sop, brrr.

geld : mint, tsjieng, koraal, korylen, konynen, tapens, tapoes.

werk : joelat, joelyt, molyt.

Vervolgens gee ek nou 'n lys van die mees tipiese woorde met hulle betekenisse. Sommige sal ek probeer verklaar.

| Woord. | Betekenis. | Opmerking. |
|---|---|---|
| A. | | |
| absiet | nee | |
| amfô | man, broer. | Zoeloe : umfo. |
| au | sing, huil | |
| aldais | vroumens | |
| anjag | baklei, doen, maak | |
| apperghiediengs | grootsake. | |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



| Woord. | Betekenis. | Opmerking. |
| --- | --- | --- |
| arra | polisieman | Die waarskuwing: „They are arriving," het geword „ararai" het geword „arra." |
| arries | ertappel | |
| B. | | |
| baks | geld | |
| bêdsorries | ongeluk | Engels: „bad" en sorry. |
| blêkout | nag | Engels: black out. |
| blink | kul | |
| blof | handskoen met afgesnyde vingers. | Dit word gebruik om iets in weg te steek in die geval van sakkerollery. |
| blom | woon | |
| boefsj | swanger wees | |
| Boesjie | Kleurling | Kleurlinge word deur naturelle „Boesmans" genoem. |
| bôil | drink (bv. water. - nie sterk drank nie.) | |
| bould | hardloop | |
| bounie | fiets | |
| brrr | bier | |
| C. (Uitgespreek soos in Zoeloe: dentale suigklank.) | | |
| ca-ca | so-so | |
| coeta | pondnoot | |
| D. | | |
| dôdêmnyama | bekruip | |
| doemd | sleg | |
| dollie | goed | |
| dou | geld | Amerikaans: dough. |
| dymer | dief | |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

| Woord. | Betekenis. | Opmerking. |
|---|---|---|
| E. | | |
| êm | moeder | m(a) |
| eltie | netjies, goed, rats. | |
| eis | lekker | |
| F. | | |
| fakaas | getuig | Zoeloe: - fakaza. |
| fêêm | familie | Engels: family. |
| fifties-gaan | verdeel | |
| foeng | tabak, sigaret, rook. | |
| fortie-lêwen | Parker 51 vulpen | 51 = „elf-en-veertig." |
| fozieksgaan | baklei | Engels: physique. |
| G. | | |
| gha | gee, neem | |
| ghiedieng hie' | baie naby | |
| ghielliek | baie | |
| ghietie | sleg | |
| ghloup | leer | |
| ghlouper | onderwyser | |
| ghoera | pennie | |
| gholfmolyt | werk op gholfbaan | |
| ghraft | steel | |
| ghrienies | gras | Engels: green |
| ghwakies | geld | |
| ghwawarag | sleg | |
| H. | | |
| halwe-wiel | halfkroon | |
| hansj ran | dinge doen | |
| hieta! | 'n groet of aanspreeksvorm. | |
| himakwie | verflenterde naturel. | Tsonga: u huma kwi? |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

| Woord. | Betekenis. | Opmerking. |
|---|---|---|
| I. | | |
| imwêkkeld | sleg | |
| J. | | |
| jag-an | Vgl. anjag | |
| jammamiel | lekker ete | |
| jammanskop | onnosel persoon | |
| jananda | Indiër | |
| jiet | dans | |
| jiewhiet | klets | |
| K. | | |
| kaas | lokasie | |
| kats | steel | |
| kau-kau | kind, jong seuns | |
| kawwer | omsingel, in mag hê. | Engels: cover. |
| kêtsj-die-rede | verstaan | |
| kêtsj-mariado | onthou | |
| kisdruk | doodmaak | |
| kisgaan | doodgaan | |
| klip | sjieling | |
| klyber | verkrag | |
| koek | bier | |
| koektiesj | drinkhuis | |
| koembiesj | kombers | |
| konynen ) koraal ) korylen ) | geld) | koraal → korylen → konynen. |
| kraak | loop, ry, hardloop. | |
| kwatsa | steek | Zoeloe: -gwaza |
| kwê-kwê | jonk | |
| kwêl | fluit | |
| kwêstjen mak | miskien | Engels: Question mark. |
| kwie-kwie-kry | geboorte gee | |
| kwiet | pondnoot | |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



| Woord. | Betekenis | Opmerking. |
|---|---|---|
| **L.** | | |
| lani | blanke | |
| lokkie | gelukkig | Engels: lucky |
| lospeto | laatstaan | |
| lyn | spoorweg | |
| lytbils | laat | Engels: late bells |
| **M.** | | |
| maitjie | baaitjie, paadjie | Afrikaans: paaitjie en paadjie (Let op die vervanging van die beginkonsonant deur 'n nasaal.) |
| majieta | Klêwe met misdadige bestaan. | Majieta < majieka < Magic Garden. |
| makôrô | leuens | |
| mak-mondysjen | kok | |
| malang | tiensjieling noot | Nuwe papiergeld tydens die Nasionale - (Malan) - regering. in omloop gebring. |
| marknolyt | dra-werk by die mark. | |
| natsjoendie! | pasop! | |
| nanlydie | moeder | |
| na-nanlydie | grootmoeder | |
| manierô | papier | Let op die vervanging van p deur die nasaal n. |
| nang | vang | Afrikaans: vang. (Let op die nasaal.) |
| nannes | broers, Tsotsi's | Slegs in meervoud gebruik. |
| naragher | trippens | |
| narrasak | saak, affêre, moeilikheid. | |
| marwanas | dagga | |
| naronga | broer, Tsotsi. | Engels: brother → morather → moronga. (Let op die nasale n en ng.) |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



| Woord. | Betekenis. | Opmerking. |
|---|---|---|
| mazoemas | geld | Amerikaanse plattaal |
| mbazana | tiensjielingnoot | |
| mbra )<br>mbrata) | broer (Tsotsi) )<br>) | Engels: brother |
| mêdie | dame | |
| mêmêmê | Indiër | |
| mêpdrô | weghardloop | Engels: map draw |
| mêsden | goed, reg. | |
| mienies-moezoe | sononder. | |
| mindysjen | eet | Vgl. mondysjen |
| mint | geld | |
| misterie | weghardloop | Engels: mystery |
| mo-dik-aantrek | vroumens | Sotho prefiks mo - voor dik aantrek. |
| moeca | bemin | (c = dentale suigklank) |
| moegoe | dom naturel | |
| moet (in die moet wees) | menstrueer. | |
| môkmens | getroude vrou. | |
| monaldak | praat, gesels, vertel. | Engels: Donald Duck. |
| mondysjen | kos | Afgelei van die Afrikaan mond. |
| mol | meisie | |
| molyt | werk | joelaat > joelyt> molyt. |
| nonniesj | lafaard | |
| nosieksap | sikspens | |
| norouza | broek | Engels: trousers (Let op die nasaal.) |
| notsieng | Tsotsi | Let op die nasale n en ng. |
| **N.** | | |
| na | niks | |
| ncazwana | ooreenkom | (c = dentale suigklank) |
| ndadie )<br>ndalie ) | pap | |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



| Woord. | Betekenis. | Opmerking. |
|---|---|---|
| new look | nuut | |
| niminyk | sleg, swak | |
| nkembana | mes | |
| noe-ab | tweesjielings | Engels: two bob. (Let op die nasaal.) |
| noncwasa | nooit | (c = dentale suigklank.) |
| nopsak | ouman | Vgl. topsak (Let op die nasaal.) |
| ntsêswa | liggaam | |
| ntsjeboe | lelik | |
| nwaalf | sjieling | Afrikaans: twaalf - nwaalf (pennies). |
| nyondi | bene, onderlyf | |
| O. | | |
| oembra | vgl. mbra | |
| ôkkerêllie | oud, swak, dood | |
| okzen | verkrag | |
| ôla | pennie | Afrikaans: oulap |
| olkwielôs | so-en-so, verskillend. | |
| oufie )<br>oumamzala) | grootmoeder | |
| P. | | |
| panga | gulsig | |
| Parratown | Mooiplaas | Powder town het geword Parratoun |
| pek | eed | |
| Pêlie | Atteridgeville | Vgl. Pelindaba, die vir Atteridgeville |
| pêpêpê | Indiër | |
| pie | vader | p(a) |
| pie-rikkits | aangeleenthede i.v.m. passe | |
| poeng | parmantigheid | |
| pôsie | huis | |
| prrr | loop, hardloop. | |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



| Woord. | Betekenis. | Opmerking. |
|---|---|---|
| R. | | |
| rensj | bende | gebruik as werkwoord en as selfstandige naamwoord Amerikaans: ranch. |
| rêttel | baklei | |
| rikkits | dinge | |
| ring | pondnoot | |
| rooighounie | mes | |
| S. | | |
| sarras | kwaad | |
| sedoehla | vet vrou | |
| simbolie | goed | |
| sjasja | nat | |
| skwê-slaner | dief, rower | |
| sop | drink (sterk drank) | |
| sperrietrek | nagtelike saad-storting ondervind. | |
| T. | | |
| takmolyt | werk op gholfbaan | (Saterdae word om die gebou by die gholf-baan met takke gevee,) |
| talieba! | pasop! | |
| tiemola | praat | |
| tiesj | huis, woon | |
| tjêkêtja | lafaard | |
| tjerrie | jongmeisie | |
| tjieng ) tjieliebanas ) | geld | |
| tjop | kap | Engels: chop |
| tôtsj | kyk, sien | Engels: torch |
| tôl | ontslag kry | |
| topak ) toppie ) topsak ) | ouman | |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



| Woord. | Betekenis. | Opmerking. |
|---|---|---|
| triegha | pistool | Engels: trigger |
| tsebenyane | geleerde meidjie | |
| tsiebok | sigaret aansteek | |
| tsjata | mond | |
| tsjoet | praat, gesels, vertel | Engels: chat. |
| tsjwiedietsie | lat | |
| Tsôô | Tsotsi | |
| tsotsi | „ skerp" broek | Suid-Sotho: ho tšotsa. |
| tswezwa | jongman | |
| twa | 'n soort koekie wat 2d. kos. | Afrikaans: twee |
| **V.** | | |
| vanhyzen | gevang word | |
| **W.** | | |
| wha-wha | klets | |
| whiengs-gha | weggooi | Engels: wing |
| whietie | praat | |
| whietie-whata | baie praat | |
| whiewhiet | meisie | |
| wiel | vyf sjielings | |
| **Z.** | | |
| zieng | gooi | |
| ziet-baba! | 'n groet | |
| zoeks | sikspens | |
| zônônô | oud, swak, dood. | |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Vir verdere illustrasie verskaf ek nou 'n paar tekse in die Flaaitaal. Alle woorde is geskryf soos dit uitgespreek is.

1.

Bo-vroeg-bels-hulle moe'-die tiesj jag ons an soos kangils, mak ons 'n out, kom ons da' wa' die mannes is, tsjoet ons hulle om te sê: „Hieta bafô! hoe staan ons da'?" „Nee, ca. ca, babas, sienghalie!" Da' sê ons ôk: „Nee eis." Da' mônaldak ek 'n morônga: „ Hiet, mak 'n bietjie foeng da." Da' mônaldak hy om te sê: „ Ek het skê's foe's mfô, ek is leis." Dan sê ek: „Nee, ghielliek. Ek het 'n raghery lat ons soos marwanas anjag." Dan jag ons an soos marwanes. Da het ons 'n nca plak. Da' tsjoet ons om te sê:

„ Al die roker bymekaar,
Skud die boom dat die tari waai.
Ek is moede yster
Slat jou lat jy lyster."

Da' prrr ons ap toun-toe. As ons da' kom ons jag an soos moesjoes. Een van ons kry somme' lang spiet da' gôi hy hulle stukkent.

1.

Vroeg in die oggend tuis drink ons koffie/tee, en dan gaan ons uit en kom by die broers. Ons sê: „ Hullo broers! Hoe gaan dit?" „Nee, goed, broers, goed." Dan sê ons ook: „ Nee goed." Dan sê ek vir 'n broer: „ Laat ons rook." Dan sê hy: „Ek het nie sigarette nie, broer, ek is platsak." Dan sê ek: „Nee, reg. Ek dink ons moet dagga rook." Dan rook ons dagga. Dan het ons 'n lekker gevoel. Dan sê ons:

„Al die rokers is bymekaar,
Skud die boom dat die tari waai,
Ek het 'n yster
Ek slaan jou dat jy luister."

Dan gaan ons stad-toe. As ons daar kom speel ons met 'n dobbelsteentjie. Een van ons kry miskien 'n groot geluk en wen baie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Dan mak ons 'n out. Kom ons by die mark mak ons 'n jammanmiel.

Van daaraf prrr ons vir die moreksie, (gha ons die treila,) dan prrr ons hie' in Marabi. Kom ons by die koektiesj, sê ons: „Asjê Mam. Ons norag sop." „Nee da' is, julle staan sieghalie. Dan tsjoet die mannes: „Laat ons anjag soos fô-ap." Da' jag-ons an soos whan-ap-whan-ap. Da' jag ons an moedie sop so pienap. Da' prrr ons nou mayô toe, dan jag ons aan soos noriekits. Trap ons somme' ons se bybies vas in die mayo, tsjoet ons hulle somme' ghieliek, kêtsj hulle die rede, jag ons aan soos bulle. Van daar af, jag ons nou an moet die Bloe-laghoen soos bo-painies-ding-helle.

Da' gan ons nou koraal wandel. Trap ons onse noegoe vas, tsjoet ons hom die rede. As hy tien'la jag ons hom aan soos dombul. Die tyd as hy pazie, ons dam hom skwêê. Ons mrrr hom. Hy slaan skê's terug want hy hôp die mannes sal hom somme' kwatsa, sal hom somme' zônônô maak. Da' prrr ons en gan ons an soos fifties.

Dan gaan ons verder. Kom ons by die mark, neem ons 'n lekker ete.

Daarvandaan gaan ons na die registrasie-kantoor, (ons neem die bus) dan gaan ons Marabastad-toe. Kom ons by die drinkhuis, sê ons: „Asje Mam. Ons wil bier hê." „Nee daar is, julle is gelukkig." Dan sê die manne: „Laat ons vir vier sjielings drink." Dan dra elkeen 'n sjieling by. Dan drink ons die bier. Dan gaan ons bioskoop toe en koop kaartjies. In die bioskoop trap ons ons meisies vas en gesêls sommer baie. As hulle toestem, vry ons. Daarvandaan gaan ons koeldrank drink by die Blue-lagoon-kafee.

Dan gaan ons geld soek. As ons 'n dom naturel raakloop, vertel ons hom. As hy teëpraat gryp ons hom, As hy hom teësit, oorweldig ons hom, ons beroof hom. Hy slaan kwalik terug want hy weet die manne sal hom sommer steek, sal hom sommer doodmaak. Dan loop ons en gaan verdeel die geld.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Dan tsjoet ons die mannes laat ons angan soos moeg-moeg, soos ghoesj-ghoesj. Voor ons ghoesj-ghoesj ons jag an soos whatels. Da' moeg ons somme' ca daai slag.

Ons slaan 'n moegoe strouk. Die klêwe's los ons, dis die mannes daai. Die bôks se mannes ons los hulle, hulle is ôk môtsiengs, bat is spatsa-motsiengs, dis die Hèp-kèts. Spatsa-motsings is mannes wat nie die taal mang en reelie-reelie tsjoet nie. Ons dam hom bat net as hy so ghieliek mazoemas het. Ons gan nie ans soos topsak nie. 'n Ngamla ons dam hom by die joek-boks, reeds as hy gesop is, die slag as hy moet onsse molle wil mang. Da' mak hy ons somme' so ghieliek som. Die mommiesje van die kaas, dis die kou-kou's, hulle loop nog skool, hulle gloup moe' die glouper, gan ons nie soos koek nie. Hulle het ôk hulle rensje bat hulle is nie brata's nie, net pêlle.

Hulle monaldak ôk die taal 'n bietjie. As ons hom tôtsj moet die straat, ons sê:

Dan sê ons vir die manne dat ons moet gaan slaap. Voordat ons gaan slaap, rook ons eers dagga. Dan slaap ons sommerlekker.

Ons beroof 'n dom persoon. Die klêwe's laat ons staan, hulle is Tsotsi's. Die manne van die muntstukgrammafoon laat ons staan, hulle is ook Tsotsi's, maar halwe Tsotsi's, hulle is Hèpkets. Halwe Tsotsi's is manne wat nie die taal verstaan en werklik praat nie. Ons beroof hom net as hy baie geld het. Ons beroof nie 'n ouman nie. 'n Blanke beroof ons by die muntstukgrammafoon veral as hy dronk is, en met ons meisies wil lol. Dan gee hy ons sommer baie geld. Die dom outjies van die lokasies, naamlik die kou-kou's wat nog skoolgaan en by die onderwyser leer, beroof ons nie. Hulle het ook hulle bendes, maar is nie broers nie, net vriende.

Hulle praat ook die taal 'n bietji[e]. As ons hom in die straat sien, sê ons:

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

„ Hei mprrr--- hieta." As hy nie hôp om te tsjoet „ Simbolie" nie dan gan ons hom en monaldak hom ghiedieng, as hy nie ghiediengs gha nie, dan gan ons hom met 'n een, met 'n rol! Ons gan hom nie moet die sak nie. Dan mêp ons.

Voor as hy kan 'n Tsôô word, hy moet eers warm gemaak word: hy word gegan, koraal getsala, sop geleer, marwanas geleer, jit geleer, en om te molle pliet. Hy gôi lankal die morouza 'n fifteen bottom.

„Hei mprrr--- hieta." As hy nie weet dat hy „Simbolie" moet sê nie, dan trap ons hom vas en vra hom geld. As hy nie geld gee nie, dan slaan ons hom met die vuis. Ons beroof hom nie. Dan loop ons.

Voordat hy 'n Tsotsi kan word, moet hy eers ingelyf word: hy word geslaan, van geld beroof, geleer om bier te drink, om dagga te rook, om te dans en te vry. Hy vernou lankal sy broek sodat die pype onder vyftien duim is.

---

2.

Wanel ons koraal, tôrtsj ons 'n mômmiesj, tsjoet ons hom „Hieta mfô!" Kêtsj hy nie die rede nie, tsjoet ons hom om te sê: „Gha 'n man da' 'n klip mfô." Is hy hard in die bek, het hy klom' om te sê, tsjoet ons die mannes: „ Hê bafô, die is ba' net 'n jama'skop, hy spaza vi' ons, la' ons hom ap." Da' rêtsj ons hom en mang hom kwi; mang hom bul. Da' ga' ons die hele koraal somme' so ghiedieng. Is hy 'n hard-hieta, 'n tsjaap-tsjoela speel ons hom 'n blyt. Kom hy tienla-nienla, prrr ons moedie ghielliek mazoemas. Da' ga' ons nou an soos bo-fifties-gan-helle.

2.

As ons op 'n geld-rooftog is en ons sien 'n dom persoon, dan sê ons vir hom „Hullo broer!" Verstaan hy nie, vra ons hom: „Gee 'n man 'n sjieling, broer." Is hy parmantig, stribbel hy tee, sê ons vir die broers: „Haai broers, die is maar net 'n onnosel hy lei ons om die bos, laat ons hom aanval." Dan storm ons hom en val hom aan. Dan neem ons al die geld af. Is hy sterk dan steek ons hom met 'n mes. As hy alarm maak, dan hardloop ons weg met die baie geld. Dan gaan ons die geld verdeel.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

3.

Die eeste tjandoes wat 'n man met splêsj is molle. „ Bafôs ko's mak julle Parkyd toe om te molle gaan wandel." „ Kei, baba, laat ons 'n out maak." Prrr ons Parkyd toe, trap ons sarasa bybies vas, pliet ons hulle eerte ding. Vat 'n man tsjoete by die mol: „Hieta blondie." „Apziet 'n man se mbra." „ Vêde, nee ca Bybie, waantoe is die reis?" „ Nee dis die why wat ek net so rondval mbra.." „Nee ca swietiepaai, ek reken 'n man ken nog met jou rede laat kêtsj. Barait wie's jou naam bybie?" „Nee ek is Gladice." „ Ou Gladice 'n man hy vat jou ghielliek male kop toe." „ Ek het my joeba-bra. Ek ken jou nie die lou-"down" gha nie." „Om te my tsjoet van jou moeba! Sit 'n man deer, bybie. Jy moenie so timla-nimla. My mannes sal jou noeba gaan soos fizieks." „Kei, ek stem jou." Dan's ek deer. Dan tsjoet ek haar kawanskie: „Hiet bybie, jy moet daai jong die lou-"down" gha om te sê hy moet jou footjeit. Die slag as hy poeng het, kom tsjoet my die lou-"down" en ek sal hom fieks." Vêde' tsjoet ek die bybie om te sê sy moet by die joek-boks kom. Dan boult sy nou na die molyt toe. Dan kwansj ek by die mannes en tsjoet met

3.

Die belangrikste ding wat 'n man mee te doen kry, is meisies. „Broers kom ons gaan Uniegeboue-toe om meisies te gaan soek." „ Goed, broer, laat ons gaan." Dan gaan ons Uniegeboue-toe, kry baie meisies en „vry" hulle eers. Dan gesêls 'n man met die meisie „Hieta blondie." „Nee reg 'n man se broer." „En verder, bybie, waarheen is die reis?" „Nee ek val maar so rond, broer." „Nee swietiepaai ek dink 'n man kan nog met jou 'n ooreenkoms tref. Wat is jou naam eintlik, bybie?" „Nee ek is Gladice." „Ou Gladice 'n man dink baie aan jou." „Ek het my vryer. Ek kan jou nie besonderhede gee nie." „Om my van jou vryer te vertel! Kom my tegemoet, bybie. Jy moenie so baie praat nie. My manne sal jou vryer sommer slaan." „Goed, ek stem toe." Dan is ek geholpe. Dan gesels ek lekker. „ Hiet Bybie, jy moet daardie jong vertel dat hy jou moet vergeet. As hy parmantig is, kom vertel my en ek sal hom regmaak."

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hulle die rede wat plek gevat het. So met eit bels sit sy my deer met die sjantoes by die boks.

4.

Moet te whietie: Ons rensj, is ba' net om te sê ons mak 'n ghêng. Die ieste wat ons gerênsj het is ba' by die gholf. Die slag as ons da' kraak, kwand ons nou twaas by die Ghong. Da' is ons moet onse rensj en die anne' tjommies vurk sos bo-shougoete-hulle. Anner slagge vurk ons moe'die markmolyt. 'n Vurk is nie 'n ghraft moet te sê dis 'n ghraft nie. Dis ba' die rikkits van die kou-kou's, kan ek ôk vurk kanti ek is 'n Motsieng moet te sê 'n Klêwe. Dit loop ba' reelie moe'die mondysjen.

Die strouk-hulle kom net die slag toe die sjot moet ons kom. Moet te sê 'n biek-sjot: dis ba net een van die mannes, kanti hy is 'n hard-hiete; hy ken die strouk.

Verder sê ek vir die meisie sy moet na die muntstukgrammafoon kom. Dan loop sy nou na die werk toe. Dan sluit ek by die manne aan en vertel hulle wat gebeur het. So teen agtuur sien sy my reg met die dinge by die muntstukgrammafoon.

4.

Deur te sê: Ons rensj: beteken maar net ons vorm 'n bende. Die eerste (kere) wat ons 'n bende gevorm het, was maar by die gholf. Wanneer ons daarvandaan weggaan dan gaan koop ons twee-pennie -koekies by die Sjinees. Dan is ons 'n bende en party van ons steel goedere wat vertoon word. Ander kere steel ons as ons op die mark werk. Om op die wyse te steel is nie werklik diefstal nie. Dis maar die maniere van die jong outjies, alhoewel ek ook op die wyse mag steel al is ek 'n Tsotsi of selfs 'n Klêwe. Dis maar meer terwille van kos.

Rowery het eers begin toe daar 'n leier tussen ons kom. 'n Leier is maar net een van die manne, dog hy is skrander en bekend met roof.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die why wat ons die hansj ran is ôlkwielôs: bulvang, ôkzen, skwês jaag, stoktrek, mêdie pas; olkwielôs. Dis op konynen.

Vrydag is pyroul. Die sjot stel die majietas: „Jy Tiekieboy en jy Joodjie, julle kan nie woeng nie, kawwer. Background-to-Danger jy gha die triegha en whiewhiet die ngamla - hy moet relêks. Badman-of-Brimstown jy woeng." Die wat kawwer hulle tôtsjiengs nou. Badman kom met die woeng en dan whiewhiet ek met die triegha die ngamla: „Look here, this is a hold-up. We want money." Big-Boy-Blue kan woeng. Ons lospit in Finyôngô. Mêsden en ghiedieng.

My-bie tôtsj ons 'n spôiler, dan gan die outies so „Nynen-en-nynen, niemla tot laat toe. Aka tsjoecoelwie. Ons kan skaars nynen hie.

„Moenie plak op die dail nie - whiewhiet - trek die sjantoes op die nyondi. Ha hlôkô - ha mabels speelô." Die majietas nininyk skaars. Ntôlôlô op konynen. Mêsden en ghiedieng,

'n Mêdie pas? Die outies „Mêsden, talieba!" Jiekhaar. Gha die bie. Zip hom. Die klein whie-whiet moet jy sommer so êltie tsjaptsjoet, bors hom of blôf hom as jy 'n blôf het. Mêsden in ghiedieng.



Die manier(e) waarop ons te werk gaan is verskillend: roof, verkragting, diefstal, inbraak, handsakke gryp; verskillend. Dis terwille van geld.

Vrydag is betaaldag. Die leier stel die manne: „ Jy Tiekieboy en jy Joodjie, julle kan nie kar bestuur nie, staan wag. Background-to-Danger jy vat die pistool en hou die blanke aan - hy moet wag. Badman-of-Brimstown jy ry met die kar." Die wat wag staan kyk nou uit. Badman kom met die motor en dan hou ek die blanke aan met die pistool: „ Look here, this is a hold-up. We want money." Big-Boy-Blue kan kar bestuur. Ons laat staan (die kar) in Vrededorp. Alles wel.

As ons 'n polisieman opmerk, dan sê die manne: „Nynen-en-nynen, sit julle tee met alle mag. Daar word nie oorgegee nie. Ons word nie hier gevang nie.

„Moenie in die gesig skiet nie - whiewhiet - skiet in die bene." Dis nie speletjies nie." Die manne gee kwalik om. Die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Tôtsj ons 'n ngamla - die sjandoes is klip moet die binne-joiniengs. Ons gha 'n mamierô en trek die sjandoes (Skryf sommer die adres van so en so 'n plek op.) „Sir, can you please tell me where's this place."

Hy tôtsj nou - die menêten is hie' by die binnejôiniengs. Mêsden.

Stoktrek? Ons tôtsj net - hier is bat net een lani, of mybee twee. „Apêtjê - deboit." „Miesies I want to buy a suit. A nice suit." Die mêdie gaan nou.

„Jewels! jewels!" talieba! jewels!" „What is it John?" „Miesies I want jewels of clothes. It must be nice. Jewels?"

Nou gha die majietas die klom sjandoes en pos hom moet die rieksjô by so-en-so 'n plek.

6.

Ek trek nou die sjandoes op trie-sêwen. Ek blom ma' hie' in Marabie. Ek lospit moet te ghloup moet standerd I. Toe mang ek 'n

'n Dame te beroof? Die manne: „Reg, pasop!" Skuur teen haar verby. Vat die handsak. Maak hom oop. Die beursie moet mens sommer so netjies uithaal, in die binnesak sit of in die handskoen wegsteek. Alles wel.

As ons 'n blanke sien - hy het baie geld in die binnesak. Ons neem 'n papiertjie en skryf sommer enige adres daarop.

„Sir, can you please tell me where's this place." Hy kyk nou - die breërandhoek is by die binnesak. Alles wel.

'n Winkel beroof? Ons kyk uit - hier is maar net een of twee blankes (in die winkel). „Regstaan kêrels." „Miesies I want to buy a suit. A nice suit." Die dame stap dan na agter (Dan sê ek:) „ Reg! reg! pasop! reg! (Dan vra die dame:) „ What is it John?" „Miesies I want jewels of clothes. It must be nice. Jewels!"

Dan neem die manne 'n klomp goed en stuur dit per riksja na 'n sekere plek.

6.

Ek is nou sewe en dertig jaar oud. Ek woon in Marabastad. Ek is by standerd I uit die skool uit. Toe tree ek by 'n Indiër in diens -

molyt moet 'n Jananda - moet die tiesj - net twee maande - ek lospit. Ek was toe 12, of mybie 13, 14. Van toe af molyt ek nie meer nie, net moet die vanhyzen. Ek het 7 jaar vanhyzen: 1 maand, 3 maande, 1 jaar, 2 jaar vir skwê's jaag, ôkzen, sop.

Toe ek by die Jananda lospit het ons 'n rênsj gehad, ma' dit was nie reelie 'n rênsj nie. Ons was ma' kou-kou's, ons het molle gewandel, molyt gewandel, skwê's gejaag maar da' was nie 'n sjot moet te sê dis 'n sjot nie. Toe het die anners vanhyzen, anners is na so-en-so 'n plekke. Ek is ôk gemang, maar ek het getol. Toe ons sien die kops gaan ons zônônô maak, toe tsjoet Scorpion ons die rede; ons moet die hansj nou so-en-so ran en toe rênsj ons. Hy is toe die sjot. Toe is ons elf mannes, ons miet altyd en ghloup die taal met <u>tida-fida</u> ons naam is toe <u>Die Ghaais.</u>

Ons het Klêwe's geword en sienghalic stroukes geslaan. Ons vanhyzen, maar die slag as ons tol, ons jag wee' an soos koek.

in die huis - net twee maande - toe laat ek dit vaar. Ek was toe 12, 13 of 14 jaar oud. Van toe af het ek nie weer gewerk nie, behalwe in die tronk (as bandiet). Ek was 7 jaar in die tronk: 1 maand, 3 maande, 1 jaar, 2 jaar vir diefstal, verkragting, dronkenskap.

Toe ek die Indiër se diens verlaat, het ons 'n bende gehad, maar dit was nie 'n werklike bende nie: ons was maar jong outjies, ons het meidjies gesoek, werk gesoek, gesteel, maar daar was nie 'n eintlike leier nie. Toe is party van ons gevang en party is weg na verskillende plekke. Ek is ook gevang, maar is onskuldig bevind. Toe ons sien dat die polisie ons gaan uitroei, toe sê Scorpion ons moet nou so en so te werk gaan en toe vorm ons 'n bende. Hy was toe die leier. Ons was toe elf (lede), ons het altyd vergaderings gehou en geheimtaal met <u>tida-fida</u> tussen die woorde geleer. Ons bendenaam was toe <u>Die Ghaais</u>.

Ons het Klêwe's geword en goed gevaar met diefstal en roof. Ons word (soms) gevang, maar as ons ontslaan word, dan gaan ons weer te kere

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

| | |
|---|---|
| Maar nou is daai rênsj klaar: die mannes het gehak, anners is plase-toe moet die vanhyzen, 1 is gehang, 3 het blou-baadjie gekry. | Maar nou is daardie bende opgebreek: die manne het getrou, ander is as bandiete plase-toe gestuur, 1 is gehang, 3 het blou-baadjie gekry. (is as gewoonte misdadigers verklaar.) |
| Ons is nou net 6: ek en Lodger en Ghost (ons is al van Die Ghaais wat nog oor is.) Die anne' drie is Jakes en Jipa Coat en Sjakie. Jakes en Sjakie is kleurlinge. Sjakie is die sjot. Hulle tiesj almal in Softown. Ons het gemiet toe ons vanhyzen, Ons ran die hansj nou net op konynen - ghielliek konynen - 'n man kan nie vanhyzen vir mabels speel soos die van die New-look-klêwe's nie. | Ons is nou net 6: ek en Lodger en Ghost (ons is al lede van Die Ghaai's wat nog oor is.) Die ander drie is Jakes, Jipa Coat en Sjakie. Jakes en Sjakie is kleurlinge. Sjakie is die leier. Hulle woon almal in Sophiatown. Ons het mekaar in die tronk ontmoet. Ons doen dinge nou net terwille van geld baie geld, 'n mens kan nie tronk-toe-gaan vir kleinigheidjies soos die van die huidige klêwe's nie. |

Die voorgaande illustreer die taal wat deur die Tsotsi's in die gewone omgang gebruik word. Deur vinnig te praat en lettergrepe aan een te strengel, is die taal doeltreffend onverstaanbaar vir die blanke en die naturel wat geheel-en-al buite die Tsotsi-geledere staan. As die taal egter onverstaanbaar vir Tsotsi's wat nie aan die eie bende behoort nie, gemaak moet word, maak elke bende van sy eie kode, genoem ghiebriesj, gebruik.

Ek illustreer 'n paar van hierdie kodes met voorbeelde deur Tsotsies aan my gegee: Ek neem die sin; „Moet die kaas gaan ons hom soos koek." (Ons sal hom in die lokasie aanval,) en skryf dit oor nadat die kodes daarop toegepas is:

1. Moetoet detie kataas gatan ôtons ôtom setoos koetoek.

2. Oetmy iedy aasky angy onsny omhy oossy oekky.

3. Moemer diemer kamer gamer ommer honner soner koemer.

Hoewel Tsotsi's die voorgaande voorbeelde aan my gegee het, het ek dit nooit in praktyk sien toepas nie.

Hierdie kodes is natuurlik aan die blanke jeug bekend en ek het soortgelyke kodes by die Zoeloe, Sotho en Thonga-Shangana aangetref. Die herkoms daarvan by die Tsotsi's is dus voor die hand liggend.

Opsommenderwys vind ons dus dat daar twee tipes van geheimtaal in stedelike gebiede gebruik word, naamlik Shalambombo wat op Zoeloe-Xhosa gebaseer is en vroeër deur die Funani's en andere gebruik is, en Flaaitaal wat deur die Tsotsi's gebruik word en bestaan uit 'n mengelmoes van Afrikaanse en Engelse terme in 'n verdraaide vorm.

4. SLOTOPMERKING.

As ons die posisie nou kortliks saamvat vind ons dus dat die Tsotsi's 'n adolosente-groep met 'n sterk samehorigheidsgevoel is. Binne hierdie groep tref ons bendevorming wat gekenmerk word deur 'n definitiewe ontwikkelingsgang vanaf die ongeorganiseerde tot die georganiseerde, hegte bende-eenheid aan. Kenmerkend van die bendes is hulle werkloosheid, gebrekkige skoolopleiding, besondere, onderskeidende kleredrag, geheimtaal, heterogene stamherkoms, misdadigheid en immoraliteit. Dit is dus duidelik dat hierdie bendevorming nie teen die tradisionele agtergrond van die Bantoe gesien kan word nie. Dit is iets nuuts en die verband met die tradisionele jeuggroeperings kan nie nagespeur word nie. Die enigste moontlike ooreenkoms met die tradisionele stamskole van die Bantoe is miskien die gemeenskaplike gebruik van geheimtaal, dog dié is van 'n geheel anderse aard. Aangesien hierdie bendevorming nuut onder die Bantoe is, kom dit vraag op: hoe het dit ontstaan en wat is die oorsaak daarvan. Hier is 'n paar moontlikhede van belang:

(i) Die bewering is al gemaak dat die Tsotsi-groepe ontwikkel het uit stamskoolgroepe wat na die deurloping van die stamskool, deur kapteins na die stede gestuur is om vir hom geld te kom verdien in plaas van die gewone vrye arbeid. Ek het so 'n moontlikheid ondersoek deur 'n aantal naturelle wat self so deur die kapteins gestuur is, te ondervra.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Volgens hulle het hulle wel in groot groepe na die stede gekom, dog op verskillende plekke gaan werk en gewoonlik nie bendes gevorm en gesamentlik opgetree nie. Hulle beweer ook dat „die mense wat van die stamskole af kom, goeie mense is wat 'n wet het. Die skelms kom uit die lokasiekinders uit."

(ii) Waar ons onder kleurlinge soortgelyke bendes naamlik die Skollie-bendes aantref, laat dit nie vermoede ontstaan dat die Tsotsi-bendes die resultaat van navolging van Kleurling-gemeenskappe is. Ondersoek in die verband het aan die lig gebring dat van die vroeëre bendes in die Kleurlinglokasie-Marabastadgebied (dit wil sê waar ons 'n kleurling- en naturellegemeenskap naas mekaar aantref) uit kleurlinge en naturelle gesamentlik bestaan het. Sulke bendes was die Warmbene genoem en het hoofsaaklik uit werkloses (hobo's) bestaan, vandaar die naam Warmbene (hobo's het geword hotbones het geword warmbene). Naturelle wat lede van hierdie bendes was, is egter hoofsaaklik van die Oorlamse wat in die sosiale lewe in die kleurlinggemeenskap opgeneem word en dus nie meer as naturelle beskou word nie. In suiwer Bantoe-gemeenskappe is die Warmbene-bendes en selfs die benaming Warmbene onbekend.

Ons kan dus die navolging van kleurlingbendes nie as genoegsame verklaring vir die ontstaan van die Tsotsi-bendes beskou nie.

(iii) Benamings en gebruike van die Tsotsi's laat die vermoede ontstaan dat dit hier 'n geval van navolging van Amerikaanse of ander bendes is met wie die Tsotsi's kontak deur middel van die bioskoop, prente-verhale en ander literatuur maak. Hierdie kontak en navolging kon egter uit die aard van die saak nie alleen verantwoordelik gewees het vir die ontstaan van die bendes nie: navolging kan alleen geskied indien die aard van die gemeenskap in die guns daarvan is. Die Tsotsi-bendevorming moet dus beskou word as 'n spontane verskynsel in 'n besondere gemeenskap, en ten einde vas te stel watter verband daar tussen die gemeenskap en die bendevorming in die gemeenskap bestaan en wat die oorsaak vir die bendevorming is, is dit nodig dat ons nagaan wat die bevindings van navorsers in die geval van soortgelyke bendevorming elders is.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## IV. BENDEVORMING ELDERS.

Ten einde bendevorming as 'n verskynsel beter te begryp, is dit nodig om kennis te neem van die bevindings van navorsers op hierdie gebied in ander dele van die wêreld.

Bendevorming onder adolosente is volgens Thrasher [1] 'n universiële verskynsel in stede waar ons 'n gemeenskap onder besondere omstandighede, soos later aangetoon sal word, [2] aantref. Sistematiese literatuur oor die onderwerp is egter skaars en bestaan meestal uit 'n artikel af en toe of 'n terloopse bespreking by die studie van jeugmisdaad. In Frederick M. Thrasher se werk The Gang, het ons egter 'n omvattende studie van 1313 bendes in Chicago sowel as van die belangrikste literatuur oor die onderwerp en die volgende samevattende gevolgtrekkings is dus in hoofsaak op sy bevindings as verteenwoordigend van bendevorming as 'n universiële verskynsel gebaseer. Waar van bevindings van ander navorsers gebruik gemaak word, word daarna verwys.

Thrasher het gevind dat bendes spontaan ontstaan [3] uit speelgroepe wat in alle gemeenskappe teenwoordig is. Lede ontwikkel 'n samehorigheidsgevoel en begin bendes vorm. Deur konflik van buite, hetsy die gemeenskap of die polisie, word die solidariteit van die bende versterk en natuurlike leiers kom self uit die bende te voorskyn.

Thrasher beweer dat hy nie twee bendes gevind het wat presies eners is nie. Hy waag hom egter aan 'n poging tot algemene klassifikasie en onderskei drie tipes wat hy noem die diffused type, die solidified type en die conventional type.

Kenmerkend van die eerste tipe is dat sommige van hulle nooit verder as hierdie primêre stadium ontwikkel nie, die solidariteit daarvan is nie blywend nie en daar kan nie veel op die lojaliteit van die lede gereken word nie. Gewoonlik het hulle nie 'n erkende leier en 'n spesiale vergaderplek nie.

---

1) Thrasher : The Gang, p. 38.
2) Vgl. die volgende hoofstuk, waar ons ingaan op die ontstaan van bendes.
3) Vgl. ook Whyte: Streetcorner Society, p. 255, en Burt : The Young delinquent, p. 467.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die tweede tipe ontwikkel uit die eerste en die teenoorgestelde wat van die eerste tipe gesê is, kan van hulle gesê word. Hulle is georganiseerd en vorm 'n hegte geslote eenheid.

Die derde tipe is min of meer soos 'n atletiese klub, dog kan ook ander vorms soos byvoorbeeld dans-, sosiale en plesierklubs aanneem. Soms het hulle 'n konstitusie en reëls en 'n erkende leier.

Sommige bendes kan volgens Thrasher beskou word as "Secret Societies" en hulle word gekenmerk deur geheimhouding, kodes en inisiasie.

Dan is daar nog kriminele bendes wat Thrasher beskou as gedegenereerd uit die "Solidified type" uit.

Taft[1)] vind 'n soortgelyke ontwikkeling vanaf die speelgroep tot by die georganiseerde bendes.

Ouderdom hang, volgens Thrasher, nou saam met die tipes van bendes naamlik;

Kinderjare (6-12 jaar) - speelgroepe.

Vroeë adolosensie (11-17 jaar) en latere adolosensie (16-25 jaar) - meer stabiele en georganiseerde bendes.

Volwassenheid (21-50 jaar) - nog meer georganiseerd as die vorige en kriminele bendes.

Soms behoort die lede van 'n bende tot verskillende ouderdomsgroepe.

Alhoewel die meeste bendes net uit seuns bestaan, kom gemengde seuns- en meisie- bendes ook voor

Ten opsigte van ras en nasionaliteit is die bendes gemeng. Thrasher het 'n aantal bendes in die verband ondersoek en gevind dat 396 hoofsaaklik uit een nasionaliteit bestaan en 351 uit gemengde ras en nasionaliteit.

In Chicago kom bendevorming meestal by immigrante wat van die armer klas behoort voor.

Kenmerkend van die bendes is die intieme kennis wat die seuns van die onderwêreld het, die samehorigheidsgevoel en lojaliteit van die lede en die neiging om as 'n groep op te tree.

---

1) Taft : Criminology, p. 42.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die belangrikste kenmerke van die bendelewe is die volgende:

Wanderlust wat uiting vind in rondslentery; intergroepspele en dobbelspel; die veelvuldige besoek aan goedkoop rolprentvertonings (die "Wild West"- en riller-tipes is baie gewild onder bende seuns); die lees van prenteverhale en goedkoop novelles; en enigiets wat avontuur verskaf.

Die bendelewe demoraliseer die seuns dog Thrasher is nie van mening dat bendes 'n direkte oorsaak van misdaad is nie alhoewel misdaad nooit deur lede individueel gepleeg word nie. Die feit dat die seuns in bendes georganiseer is, dra egter by tot misdaad, maak dit geriefliker en bevorder hulle tegniek.[1] Tipes van misdaad wat baie voorkom is steel, huisbraak, aanranding, dobbelary en verkragting.

Seks speel 'n belangrike rol in die bendelewe. Bendes wat lede van albei geslagte insluit en seksuele partye reël kom selfs voor.

Bendes ontwikkel hulle eie taal. Die volgende is voorbeelde van terme wat so geskep word:

| | | |
|---|---|---|
| Hot stuff | - | gesteelde goedere. |
| Punk | - | klein seuntjie. |
| Gang Shag | - | seksuele party in die laan. |
| Gat, rod | - | pistool. |
| Dick | - | speurder. |
| Cop, bull | - | poliesman. |

Bendelede ontvang nuwe name en bendes het self ook name soos Dirty Dozen, Buckets of Blood, Black Hand, Yakey Yakes, Dead Rabbits, Shirt Tails, ensovoorts.

(Chambers[2] het die Zoot Suit bendes bestudeer. Die term Zoot Suit verwys na hulle besondere kleredrag waarvan kenmerkend was, broeke met nou pype en lang baadjies. Hulle het 'n eie taalvorm bekend as

---

1) Taft, ibid., p. 42, beweer dat bendes die lede tot misdaad beinvloed deurdat hulle 'n vyandige gesindheid teenoor die polisie en die gemeenskap ontwikkel, en Shaw en McKay: Social Factors in Juvenile Delinquency, p. 195, het gevind dat jeugmisdaag meestal deur groepe seuns gepleeg word.

2) Chambers: The Juvenile Gangs of New York. (The American Mercury- April 1946). p. 480-86.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Pachuco talk, wat hoofsaaklik uit Spaanse uitdrukkings bestaan het, gepraat.)

Die oorgrote meerderheid van die bendes bestaan uit 'n aantal van tussen 6 en 20 lede. 'n Nuwe lid word eers dopgehou om sy bekwaamhede vas te stel, daarna volg inisiasie. Lojaliteit in die bende word verseker deur straf soos bepaal deur die leier aan diegene wat die bende in die steek laat. Elke lid het 'n eie status in die bende:

„There are usually three, more or less, wel-defined classes of members: the inner-circle, which includes the leader and his lieutenants; the rank and file, who constitute member of the gang in good standing, and the fringers who are more or less hangers-on and are not considered regular members.[1)]"

Leiers kan verdeel word in natuurlike en gekose leiers. Die natuurlike leier is gewoonlik 'n waaghals en 'n goeie vegter. Die leier se posisie is belangrik: hy neem besluite oor hoe opgetree moet word, lede sien na hom op vir leiding en hy mobiliseer die groep. Hy bepaal ook dikwels die geaardheid van die bende.[2)]

Gebiede soos sekere strate, kanale en riviere, vermaaklikheidsparke, plantasies en langs spoorweë word uitgekies vir vergader- en speelplekke. Sommige bendes het egter kamers en kwartiere vir vergaderings.

Die ooreenkoms met die Tsotsi-bendes.

Vergelyk ons die bendes wat in hierdie hoofstuk beskryf is met die Tsotsi-bendes soos beskryf in die vorige hoofstuk, vind ons dat die bendes as 'n verskynsel in wese ooreenkom.

1. Ten opsigte van die ontstaan, die ontwikkeling en die verskillende tipes is die posisie min of meer dieselfde: uit die speelgroepe, vind ek, ontwikkel die Mediums, Hepkets en Klêwe's.

---

1) Thrasher : The Gang, p. 331.

2) Vgl. ook Taft : Criminology, p. 42, oor die posisie van die Big-Shot - leier.

Thrasher dui gelyksoortige tipes met die terme diffused type, conventional type, en solidified type aan. (Die sjebeengroep is slegs 'n besondere voorbeeld van die sogenaamde solidified type.)

2. Die aard van die bendes val in albei gevalle met die ouderdom van die lede saam; die klem val naamlik op die adolosente groepe.

3. Ten opsigte van die organisasie, leierskap en groepsbeheer is die ooreenkoms tussen die Amerikaanse bendes en die Tsotsi's opvallend. Die feit dat die organisasie in albei gevalle deur middel van konsentriese sirkels voorgestel word, is moeilik te verklaar: het dit by die Tsotsi's spontaan ontstaan of het hulle dit van die Amerikaanse bendes oorgeneem? Ons dink hier ook aan die benaming Big Shot waaronder die leier in albei gevalle bekend is. (Vgl. bls. 32 & 56) en aan die benaming Zoot Suit[1] waaronder 'n aantal van die bendes in New York bekend is.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

4. Die kleredrag van die Tsotsi's en die van die Zoot Suit-bendes kom in 'n sekere mate ooreen: vergelyk byvoorbeeld die nou broekspype. Belangrik is dat die lede van die bendes hulle in albei gevalle deur middel van die kleredrag van die res van die gemeenskap onderskei.

5. In albei gevalle speel nasionaliteit of stam 'n onbelangrike rol in die bendes. (Vgl.37 en 73).

6. Die aktiwiteite van die bendes kom in hoofsaak ooreen, vergelyk byvoorbeeld die rol wat seks, drank, misdaad, dobbelspel, ensovoorts, in die bendes speel.

7. In albei gevalle vind ons die ontstaan en ontwikkeling van geheime terme met die doel om die polisie te mislei en hulle gesprekke eksklusief te maak.

Ons sien dus dat die Tsotsi-bendes as 'n verskynsel in sy wese ooreenkom met die bendes wat in hierdie hoofstuk beskryf is. Daar bestaan in werklikheid geen noemenswaardige verskille in hierdie verband nie, en waar verskille nog opgemerk kan word is dit meer 'n geval van graadverskil of maklik te verklare uit die absoluut anderse omstandighede

---

1) Op bladsy 29 word aangedui dat beweer word dat die woord Tsotsi van Zoot Suit afgelei is.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

waaronder die groepe leef soos byvoorbeeld die feit dat Tsotsi's passe moet dra, in lokasies afgesonder is, ensovoorts.

Waar hierdie bendes nou 'n spontane uitvloeisel is van die gemeenskap waarin hulle voorkom,[1] kan ons die spesifieke oorsake vir die ontstaan van die Tsotsi-bendes binne hierdie gemeenskap gaan soek. Ons mag reeds hier sê dat daar 'n baie groot ooreenstemming is in die oorsake wat aanleiding gegee het tot die vorming van bendes onder byvoorbeeld Amerikaanse omstandighede en die verstedelikte omstandighede van die Bantoe.

---

1) Vgl. p. 71 en 72.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## V. DIE ONTSTAAN VAN DIE TSOTSI-BENDES.

Ons het reeds vasgestel (Vgl. bls. 71 en 72) dat die Tsotsi-bendevorming as 'n spontane verskynsel in 'n besondere gemeenskap beskou moet word. Gaan ons na hoe die Tsotsi-bende tot stand kom, vind ons dat daar geen vasgestelde wyse is waarop en dikwels geen doel waarom hulle ontstaan nie. Die eenvoudige speelgroep of 'n onskuldige werklose groepie soos behandel onder die tipe Mediums verander heel maklik in 'n bende met anti-sosiale of onwettige motiewe sodra 'n gemeenskaplike vyand in die persoon van die maatskappy of die polisie sy verskyning maak. (Vgl. byvoorbeeld teks no. 4.) Dit kan geskied deurdat 'n betreklik onskuldige daad die onwelkome inmenging van persone van buite op die hals haal met die gevolg dat so 'n persoon of persone as 'n vyand beskou word en 'n sterkere samehorigheidsgevoel by lede van die groep ontwikkel.

Dit is slegs logies dat die jongere seuns van 'n gemeenskap in groepe saam sal speel aangesien hulle dikwels gemeenskaplike speelgronde en verblyf het. Sulke groepe vorm nie 'n hegte geslote eenheid met 'n groepleier en 'n groepsnaam nie, is nie teen die maatskappy gekant en het geen misdadige aktiwiteite nie. Dis die gemeenskap waarin hulle hulle bevind wat sal bepaal of hulle by die sosiale lewe ingeskakel gaan word en of hulle bendes met anti-sosiale neigings gaan vorm.[1] Byvoorbeeld onder stamomstandighede (soos reeds aangedui op bladsy 25) is die aktiwiteite van kinders vanaf hulle jonger jeug tot die latere adolosensie periode aktief verbonde met die kulturele lewe van die stam as geheel, en voldoen dit aan die kulturele patroon wat aan die stam eie is. Hulle tyd word gevul deur aktiwiteite wat tradisioneel bepaal is en ook hulle energie word langs kulturele weg gekanaliseer. Onder stedelike omstandighede is dit egter totaal anders.

Beskou ons die stedelike naturelle-gemeenskap (Vgl. hoofstuk II) dan vind ons dat sosiale disorganisasie en disintegrasie die belangrikste kenmerk is. Die verwesteringsproses was so snel dat die tradisionele Bantoe-instellinge verlore gegaan het terwyl hulle die Westerse nog nie kan

1) Thrasher: The Gang, p. 251, beweer in hierdie verband: „The gang develops as a response to society. The social group of which the gang boy is a member has failed to provide organized and supervised activities adequate to absorb his interests and exhaust his energies. An active boy without an outlet for his energies is a restles boy - seeking satisfactions he cannot name, willing to experiment, curious about this and that, eager to

assimmileer nie: Vandaar die gesinsontbinding en die gevolglike gebrek aan sosiale gedragspatrone by indiwidue. Waar die ouers nou die Westerse kultuur nie verstaan nie en moeilikheid ondervind om hulle daarby aan te pas, is dit slegs logies dat hulle in gebreke sal bly om leiding aan hulle kinders te gee en rigtinggewende kontrole oor hulle uit te oefen. Ook Thrasher[1)] het gevind dat kultuuroorgang en verandering van kultuurpatroon 'n ontbindende invloed in die lewe van veral jeugdiges het en so 'n gunstige atmosfeer skep vir bendevorming.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

'n Ander faktor wat hiermee ten nouste saamhang, is die toestand binne die stedelike naturelle-gesin: enige toestand wat bydra tot die verwaarlosing van die kind, het as natuurlike gevolg dat die kind sy belangstelling in die gesinslewe verloor en tevredenheid buite die huislike atmosfeer gaan soek. Sulke toestande is die volgende:

Armoede, (Vgl. bls. 13) as gevolg waarvan moeders gedwing word om 'n verdienste buite hulle huiskring op te neem ten einde in die behoeftes van hulle gesinne te voorsien. In sulke gevalle moet kinders die persoonlike aandag en versorging van moeders in 'n groot mate ontbeer.

Die behuisingstekort (Vgl. bls. 9) as gevolg waarvan die beskikbare huise oorbewoon word. Die nadelige gevolge hiervan is duidelik, veral as ons daaraan dink dat kinders soms saans uit die huis uitgejaag word om buite te gaan speel ten einde meer ruimte aan die volwassenes te laat.

Onvolledige gesinne (Vgl. bls. 10) as gevolg waarvan daar baie vader- en/of moederlose kinders in die lokasies is. Ten einde die rol van onvolledige gesinne in die vorming van Tsotsi-bendes nader aan te dui, verstrek ek die volgende gegewens:

---

1) Thrasher : The Gang, pp. 489 en 490. „One of the most important elements in the situation which promotes the free life of the gang is the failure of the immigrant to control his children who constitutes the great majority of gang members in Chicago. Since about two-thirds of the parents of delinquent boys in Chicago are peasants from rural areas and villages in Europe, it is not strange that they do not know how to manage their children in such a totally new and different environment... Stated in another way, the problem is one of too quick and too superficial Americanization of the children of the immigrant."

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Uit 'n proefgroep van 20 Tsotsi's van ouderdomme 12-20 jaar, van wie die gesinne in hierdie verband besoek is, het die volgende geblyk:

In 7 gevalle is die ouers getroud en leef nog saam; in 5 gevalle is die ouers geskei (in die geval van 2 hiervan leef die moeders egter weer met ander mans saam;) in 2 gevalle is die gesinne moederloos; in 4 gevalle is die moeders ongetroud (was nooit wetlik getroud nie); en in 2 gevalle is die ouers getroud dog die vader is aan drank verslaaf en het geen gesag oor die gesin nie (die moeder sorg vir en regeer die huis.)

Drankmisbruik. In baie gevalle wat ondersoek is, kla vrouens dat hulle mans nie van die werk af huis-toe kom nie, dog die huise van skokiaankoninginne besoek en dan saans laat tuiskom. In hierdie geval weer moet die kinders vaderlike gesag en leiding ontbeer en stel hy hulle 'n voorbeeld wat hulle later navolg.

Die voorgenoemde faktore illustreer toestande binne die gesin wat daartoe bydra dat die kind verwaarloos word en ouerlike leiding en kontrole ontbeer. Hierby moet in aanmerking geneem word dat kinders, gewoonlik beter vertroud met die Westerse kultuur en leefwyse is as hulle ouers; dikwels inteenstelling met hulle ouers Afrikaans en/of Engels goed magtig is en selfs die Flaaitaal, wat vir die ouers gans onverstaanbaar is, gebruik om hulle ouers om die bos te lei. Hierdeur ontstaan daar 'n kloof tussen ouers en kinders; voel ouers dat hulle kinders beter instaat is om self hulle weg deur die stedelike lewe te vind; dat die kinders meer weet en dinge beter verstaan as hulle, en gevolglik ontrek hulle hulself uit die lewe van die kinders, wat die sosiale lewe en buitenshuise aktiwiteite betref. Op hulle beurt voel kinders weer dat hulle nie na die ouers kan gaan vir hulp en leiding nie omdat hulle volgens hulle beskouing beter toegerus is vir die stedelike lewe as hulle ouers.

Die probleem is dus as sodanig dan die gevolg van te vinnige en oppervlakkige verwestering van die Bantoejeug.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Ander faktore wat die vorming van bendes verder stimuleer en die bestaan daarvan bevorder, is die volgende:

Werkloosheid en Gebrekkige onderwys:

Die onderwys wat die naturelle kind op skool ontvang is van so 'n aard dat hy daar weinig gebruik van kan maak om 'n bestaan te vind,[1] veral aangesien die werkgeleentheid vir skoolopgevoede naturelle gering is, (Vgl.bls.17) .en aangesien onderwys nie ingestel is op die behoeftes van die massa nie maar op die akademiese opleiding van 'n aantal indiwidue met die gevolg dat die grootste gros die skool verlaat sonder dat hulle 'n afgeronde kursus ontvang het. (Vgl. bls. 12.)

Die gevolg is dan dat die kinders later besef dat skoolgaan vir hulle geen waarde het nie en die skool verlaat met die gevolg dat 'n groot aantal kinders van skoolgaande ouderdom nie op skool is nie. Aan die anderkant weer dien die avontuurlike en interessante bendelewe as 'n aansporing om die skool te verlaat.

Die feit dat die groepe wat die skool verlaat het nie instaat is om werk te vind nie en gevolglik vrugteloos in die strate ronddwaal verskaf 'n ideale geleentheid vir die vorming van bendes; ook omdat die bendelewe hulle deur middel van diefstal van 'n inkomste voorsien. Hier moet ons nog in gedagte hou dat die stedelike naturellegemeenskap reeds versoen is met die idee dat jeugdige naturelle gewoonlik werkloos is. (Vgl. bls. 17.)

Godsdiensloosheid:

Godsdiens speel 'n rigtinggewende en bindende rol in die lewe van 'n gemeenskap. Waar ons nou by die stedelike Bantoe 'n toestand aantref waar die tradisionele godsdiensbeskouinge verdwyn het en die Westerse nog nie in so 'n mate geassimmileer word dat dit 'n aktuele rol in hulle lewe speel en bydra tot etiese norme nie, kan dit as godsdiensloosheid beskou word (Vgl. bls.18 ) Die onbelangrike rol wat godsdiens in die lewe van die Tsotsi's speel is ook reeds bespreek. (Vgl. bls. 43.)

---

1) Vgl. ook die Verslag van die Ekonomiese Naturelle Kommissie, paragraaf 611.

Dit is dus duidelik dat ons hier 'n verdere geval van gemis aan 'n rigtinggewende en kontrolerende faktor in die lewe van die seuns het.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Gebrek aan leiding by die besteding van vrye tyd:

Ondersoekers[1] beweer dat gebrek aan gesonde ontspanning onder toesig bydra tot die vorming van bendes en jeugmisdaad.

Die posisie in die Pretoriase lokasies onderskraag nie hierdie bewering nie. Die ontspanningsgeriewe en leiding in die verband in die Pretoriase lokasies is heeltemal voldoende. (Vgl. bls. 20). Dit moet egter ingedagte gehou word dat georganiseerde sport ensovoorts nie die vrye tyd van die Tsotsi in beslag kan neem nie, aangesien al sy tyd vryetyd is omdat hy nie werk nie.

In hierdie opsig word die kinders van die ouderdomsgroep wat die speelparke besoek egter verwaarloos aangesien hulle daar sonder toesig en leiding moet klaarkom. Hierdie groepe is juis van belang aangesien hulle gewoonlik speelgroepe, die kiem waaruit Tsotsi-bendes ontwikkel, vorm.

Slotopmerking:

Samevattend kan ons dus sê dat die Tsotsi-bendes die gevolg is van 'n gemis deur die stedelike naturellejeug aan leiding, tug en kontrole in die wydste sin as gevolg van die proses en toestand van disintegrasie en disorganisasie in die stedelike naturellegemeenskap en die gevolglike verval van 'n reëlende kultuurpatroon. Hierdie toestand word geskep deur die snelle verwesteringsproses en verstedeliking[2] van die Bantoe en vorm die boden waarin die bendes spontaan ontstaan en groei.

Soos reeds getoon, hou hierdie bendevorming geen verband met die tradisionele jeuggroeperings en stamskole van die Bantoe nie, dog kan hoogstens as 'n psigies-noodsaaklike substituut in ekonomies veranderde omstandighede beskou word.

Bendevorming van hierdie aard kan dus beskou word as 'n simptoon van 'n kultuur in transisie.

---

1) Thrasher : The Gang.
Ellen Hellmann : Problems of Urban Bantu Youth.
2) R.L. Beals : Urbanism, Urbanization and Acculturation, (American Anthropologist. Vol. 53 no. 1,) beweer dat 'n proses van akkulturasie en 'n proses van verstedeliking 'n groot mate van ooreenstemming vertoon en in beginsel dieselfde proses is.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## VI. BESTRYDING VAN TSOTSI-BEDRYWIGHEDE EN REINTIGRASIE VAN JEUG-AKTIWITEITE IN KULTURELE PATROON.

Bendevorming is 'n simptoom van sosiale disintegrasie en van 'n kultuur in transisie. Die gevolge van hierdie ontwrigte sosiale stelsel is in so 'n mat in mekaar geweef dat die een nie bestry en die ander gelaat kan word nie: die stelsel moet in sy geheel aangepak word. Vir die doeleindes van hierdie studie kan hierdie faktore egter een vir een bespreek en aanbevelings in die verband gedoen word. Terwyl die gevolge van die ontwrigte sosiale stelsel bestry word, gaan die bendevorming en bende-aktiwiteite egter voort en daar behoort dus iets gedoen te word om die bendes te hervorm en die energie van bendelede in die regte rigting te kanaliseer. Aanbevelings ter bestryding van die bendeprobleem moet dus met albei hierdie aspekte rekening hou.

(a) Behuising.

Die huidige stelsel van naturelle behuising in die lokasies het 'n verindiwidualisering van die naturel ten gevolg, is te duur en onvoldoende. Die gevolge hiervan is reeds bespreek. Ek sou dus aanbeveel dat daar na 'n stelsel van behuising, wat die bestryding van genoemde faktore ten doel het, gesoek word. Daar kan miskien langs die volgende lyne te werk gegaan word:

(i) Naturelle kan op grond, wat teen 'n nominale bedrag aan hulle verhuur word, toegelaat word om hulle eie huise te bou. Dit sal eerstens meer ekonomiese huise ten gevolg hê en tweedens sal naturelle meer trots en belangstelling in hulle eiendomme toon. Dit sal gesinsontwrigting tee werk. 'n Naturel behoort ook toegelaat te word om die huis aan 'n kind te bemaak sodat die nodige stabiliteit en sekerheid verkry word.[1)]

(ii) Die sogenoemde kapteinstelsel waarvolgens groepe huise in een lapa gebou word en gesamentlik deur families bewoon word, kan in 'n gewysigde vorm gevolg word. Hierdeur kan die beginsel van

---

1) Vgl. ook Dr. W.W.M. Eiseden in 'n toespraak voor die Jaarkonferensie van die Gefedereerde Kamer van Nywerhede.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

kollektiewe verantwoordelikheid toegepas word en 'n beter kontrole oor die jeug uitgeoefen word. 'n Verdere voordeel van hierdie stelsel is naamlik dat een vrou toesig oor al die kinders van die lapa kan hou, terwyl die ander uitwerk.[1)]

So 'n stelsel van behuising wat nader aan die Bantoe tradisionele staan, sal 'n minder vinnige verwestering as gevolg hê. Die nadelige gevolge van 'n te snelle oorname van die blanke kultuur deur die Bantoe, is reeds beklemtoon (Vgl. bls. 80 ) en dit is dus nodig dat die briek by hierdie snelle proses aangedraai moet word.

(b) Die Onderwysstelsel.

Soos reeds geblyk het, is die stelsel van naturelle onderwys daarvoor verantwoordelik dat die naturellejeug 'n opleiding ontvang wat vir hulle in die bestaansstryd nie van nut is nie, met werkloosheid as gevolg. (Vgl. ) Naturelle onderwys behoort rekening te hou met die latere behoeftes van skoliere en verder behoort geleentheid geskep te word om die verkreë kennis in die praktyk toe te pas. Ek sou dus 'n leerplan waarin die klem op vakopleiding val, gepaardgaande met latere werkgeleentheid in die rigting, voorstel.

Opleidingskampe waardeur die jeug uit die atmosfeer, wat bevorderlik vir bendevorming is, geneem word, behoort in hierdie verband waardevol te wees.

(c) Die vrystelling van Kafferbier in die lokasies.

Hierdie sal myns insiens 'n stap in die regte rigting wees aangesien dit die invloed en bedrywighede van sjebeens sal bestry, waardeur gesinsontbinding teegewerk sal word. Die rol van die sjebeens in gesinsontwrigting en die instandhouding van Tsotsibendes is reeds beskryf.

As daar gevind word dat naturelle naas kafferbier, iets sterkers verkies, kan ligtere wyne aan hulle verkoop word.

---

1) Vgl. ook C.W. Prinsloo : Bantoehuise vir die Bantoe, p. 16 (SABRA Vol. 1/3 1950.)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



(d) Beter Keuring van rolprente wat aan Naturelle vertoon word.

Myns insiens behoort rolprente wat aan naturelle vertoon word, beter gekeur te word. Daarvoor sou ek voorstel dat 'n keurraad, uit hoofde van hulle praktiese en akademiese kennis, aangestel word.

(e) Bestryding van Buite-egtelikheid en die Onstabiliteit van die huwelik.

Ons kan verwag dat 'n omvormde sosiale stelsel wat teweeggebring behoort te word deur 'n stelsel van behuising soos die wat bepleit word, hierdie faktor in 'n groot mate sal uitskakel. Ek sou egter aanbeveel dat sorgbehoewende vaderlose kinders intussen in weeshuise geplaas word en verdere buite-egtelikheid bestry word deur huweliksertifikate van ouers te vereis alvorens hulle as inwoners van 'n lokasie geregistreer word. Met hierdie doel moet lobolo-huwelike dan geregistreer word aangesien die probleem hier sodanig is dat ouers dikwels slegs beweer dat hulle getroud is, dog indien hulle wil skei, weer beweer dat hulle nie getroud is nie. 'n Sertifikaat sal dus in hierdie geval 'n bindende uitwerking hê en beamptes van owerheidsweë in staat stel om onderhoud vir die kinders van sulke geskeide vaders te vereis.[1)]

Die seduksiefooi van £5 deur die vader van 'n buite-egtelike kind aan die moeder is ook veels te min. Moeders is daarmee tevrede aangesien dit die ekwivalent van een bees wat in gevalle onder stamtoestande betaalbaar was, is. Onder huidige omstandighede behoort vaders egter verplig te word om die kinders te onderhou.

(f) Omvorming van Bestaande bendes:

Dit sal moeilik wees om die Tsotsi's uit die bendes te neem sonder om die bende met iets anders te vervang. In hierdie verband moet ons dus in die rigting van die omvorming van bestaande bendes en die stigting van ander konstruktiewe groepe of verenigings werk. Dis duidelik dat daar al dadelik rekening met die tipe

---

1) Vgl. ook Phillips : The Bantu in the City, p. 96, en SABRA : Die Naturel in die Suid-Afrikaanse Nywerheidslewe, p. 39.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

bende wat reeds nie meer hervormbaar is nie, as gevolg van die reeds permanent misdadige en onsedelike leefwyse van die lede, gehou sal moet word. In sulke gevalle behoort die bendes weggeruim te word deur die lede na werkkolonies te stuur sodat hulle nie verder invloed op junior bendes kan uitoefen nie.

In verband met die bestryding van bendevorming is dit van belang dat ons nagaan wat deur die Welsynsafdeling van die plaaslike owerheid gedoen word. (Vgl. bls. 20 ) In hierdie verband is veral die seunsklubs van belang,[1] (Vgl. bls. 21 ) In Atteridgeville is daar drie sulke klubs, naamlik die Bau-United Brothers Club, Die Atteridgeville Boys Club en die African Youth Club; in die Bantule-Marabastad-gebied is daar ook drie, naamlik, die Dougal Boys Club, die Salvation Army Boys Club en die Bantule Boys Club. Lede van hierdie klubs bestaan uit seuns van die ouderdomme 8 - 20 jaar en is ongeveer 500 in getal. Die aktiwiteite van hierdie klubs is van so 'n aard, (vgl. bls. 21) dat die Tsotsi's daar belang in stel. Van die 500 lede is ongeveer 200 dan ook Tsotsi's. Ongelukkig vervang hierdie seunsklubs die Tsotsi-bendes nie aangesien die gebrek aan werkgeleentheid veroorsaak dat die seuns werkloos is en gevolglik hulle bende-aktiwiteite wat onder andere ook 'n ekonomiese doel het, voortsit, aangesien hulle ten spyte van die klubvergaderings tweekeer per week voldoende tyd daarvoor het.

Die ontspanningsfasiliteite en organisasie van sport wat deur hierdie afdeling onderneem word, dra in 'n verdere mate tot die bestryding van Tsotsi-aktiwiteite by. Ongelukkig stel die Tsotsi's nie veel belang in die organiseerde sport nie behalwe in die geval van sokker wat deur baie Tsotsi's, hoewel nie altyd georganiseerd nie, gespeel word.

---

1) Vgl. ook Thrasher : The Gang, p. 496 et seq.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die verskaffing van kinderspeelparke, naamlik, twee in Atteridgeville en een in die Bantule-Marabastad-gebied verdien besondere melding in hierdie verband. Dit het as gevolg dat kinders nie op straat hoef te speel nie. Baie kinders maak dan ook gebruik van hierdie speelparke, dog ongelukkig geskied dit nie onder toesig of leiding nie. en die kinders maak gewoonlik groepies op, verlaat die speelparke en swerf in die strate rond.

(g) <u>Simpatieke behandeling van Naturelle</u>:

'n Gemeenskaplike vyand is die oorsaak waarom ongeorganiseerde groepe tot hegte organisasies met 'n samehorigheidsgevoel oorgaan.[1)] Die Tsotsi-bendes vind hierdie gemeenskaplike vyand in die simbool van gesag: die polisie in besonder en die blanke in die algemeen. Diegene wie se taak dit dan is om die naturel te administreer en wet en orde te handhaaf, behoort dus tot simpatieke en taktvolle optrede gemaan te word ten einde te voorkom dat die Bantoe-gemeenskap teen die blanke in die harnas gejaag word; soos bewys word deur die groeiende opstandigheid van die naturel teen die blanke; soos blyk uit die wantrouige opvatting en vyandige houding van die naturel teenoor wette en regulasies, bedoel om hom te administreer en in 'n groot mate sy belange te beskerm.

(h) <u>Slotopmerking</u>:

Samevattend kan ons sê dat dit wel moontlik is om die simptome te dokter deur middel van klubs en ander organisasies. Die kwaal, naamlik die toestand van disintegrasie as gevolg van die snelle verwesteringsproses van die Bantoe kan slegs bestry word deur die lewe van die naturelle weer in verskillende kultuureenhede te reïntegreer, aangepas by die behoeftes van veranderde omstandighede.

---

1) Vgl. p. 78 en Thrasher : <u>The Gang</u>, p. 30.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Atkinson, T. : Social Service in City Locations, (S.A. Outlook - Vol. 63 March 1933.)

: Recreation for Urban Natives, (S.A. Outlook.- Vol. 63 Oct., 1933.)

Bain, G.C.B. : Crime. The American Negro and the Urban Native in South Africa.

Beals, R.L. : Urbanism, Urbanization and Acculturation, (American Anthropologist. - Vol. 53, no, 1.)

Burt, C. : The Young Delinquent.

Chambers : The Juvenile Gangs of New York, (The American Mercury, April 1946).

Guenault, P.H. and Randall, R.J. : Urban Native Housing in South Africa, (Race Relations, - Vol. 7, no. 4.)

Hellmann, Ellen : Handbook of Race Relations.

: Rooiyaard. A Sociological Survey of an Urban Native Slum Yard.

: Problems of Urban Bantu Youth.

: Social Services for Urban Africans, (Race Relations, - Vol. 8, no. 4.)

: Urban Native Food in Johannesburg, (Africa, - Vol. IX, no. 2.)

Junod, H.P. : Bantu Marriage and Christian Society, (Bantu Studies, Vol. XV.)

: Pamflette uitgegee deur The Penal Reform League of South Africa. - Verskillende skrywers.

Krige, Eileen Jensen : Changing Conditions in Marital Relations and Parental Duties Amongst Urbanized Natives. (Africa, - Vol. IX, no. 1.)

Kuper, Hilda and Kaplan, Selma : Voluntary Associations in an Urban Township (African Studies. - Vol. III, no. 4.)

Language, F.J. : Die Verskaffing van Maatskaplike Dienste aan Stedelike Naturelle. (SABRA - Die Naturel in die S.A. Nywerheids-lewe.)

: Native Housing in Urban Areas. (SABRA-tydskrif, - Vol. I, nr. 2.)

Makanya, S. : Social Needs of Modern Native Life. (S.A. Outlook. - Vol. 61. Sept. 1931.)

Neumeyer : Juvenile Delinquency in Modern Society.

Phillips, R. : The Bantu in the City.

Prinsloo, C.W. : Vraagstukke in verband met Stedelike Naturelle-Arbeiders. (SABRA: Die Naturel in die S.A. Nywerheidslewe.)

: Stedelike Naturelle-Administrasie, met besondere verwysing na Arbeidsdistribusie. (SABRA : Die Naturellevraagstuk.)

: Bantoehuise vir die Bantoe. (SABRA-tydskrif. - Vol. I, nr. 3.)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Stent, G.E. : Migrancy and Urbanization in the Union of South Africa, (Africa. - Vol. XVIII, no. 3.)

Shaw and McKay : Social Factors in Juvenile Delinquency.

Thrasher, F.M. : The Gang.

: The Gang as a Symptom of Community Disorganization, (Journal of Applied Sociology, Sept.-Oct. 1926.)

Taft : Criminology.

Venables : Crime in Johannesburg. (SABRA-tydskrif. - Vol. 2, nos. 2 & 3.)

Whyte : Streetcorner Society.

Die Naturellevraagstuk : Referate gelewer op die Kerklike Kongres te Bloemfontein.

Die Naturelle (Stadsgebiede) : Konsolodasiewet, Nr. 25 van 1945.

Native Juveniles : Report of the Sub-Committe appointed by the Pretoria Joint Council of Europeans and Natives, (S.A. Outlook. - Vol. 58. March,19

Report of the Inter-Departmental Committee on the Social, Health and Economic Conditions of Urban Natives. 1942.

Die Verslag van die Naturellewette-kommissie, 1946-1948.

Die Verslag van die Interdepartementele Kommissie insake Naturelle-onderwys. 1935-1936.

Die Verslag van die Naturelle Ekonomiese Kommissie. 1930-1932.

Die Verslag van die Nasionale Gesondheidskommissie insake die daarstelling van 'n georganiseerde Nasionale diens vir alle bevolkingsdele van die Unie van Suid-Afrika. 1942-1944.

Die Verslag van die Kommissie op Strafregtelike en Gevangenishervorming. 194

Spesiale Verslag nr. 178. Statistiek van Strafregtelike en ander oortredings en van Strafinrigtings vir die jaar geëindig 31 Des. 1947.